

DEEL 4.Van die kerklike dissipline.ARTIKEL 71. -

Gelykenys die kristelike straf geestelik is, en niemand van die burgerlike straf of gezig van die owerheid bevry, also word ook, benewens die burgerlike straf, die kerklike censuur noodsaaklik vereis, om die sondaar met die kerk en sy sake te verleen, en die ergernis uit die gemeente van Christus weg te neem.

Art. 71 is die inleiding op die hoofstuk, en is bedoel om die noodsaaklikheid van die kerklike tug te wys. Die Noodsaaklikheid van die kerklike tug is van die begin af aan in die Geref. kerk erken, veral deur Calvin en sy geesverwante. Bekend is, dat Luther o.s. 'n ander spoor ingeslaan het, deur die owerheid in die kerk toe te laat, en ook die kerklike tug onder die owerheid te bring. Dieselfde het gebeur in Zurich onder Zwingli, en daarna ook in Duitsland. By Zwingli was dit meer 'n saak van utiliteit, dan 'n woortvloeiend uit sy stelsel, want hy had groot invloed op die owerheid, wat, deur hom die Protestante goed gesind was. Dit was dus 'n kontrabaleseffheid. Volgens hom het dit minder daarop aangekom wie straf, solank daar maar net gestraf word. Lof is bestrafing deur die owerheid dikwels meer doeltreffend geag. Die owerheid was daar, veral te Bern, baie op gesteld, omdat sy bang was vir alte groot mag van die kerk. Sal is daar opzienersadvies gevra. Hiertoen het Calvin uit beginsel opgekom, vanaf sy eerste kom tot Geneve. Faral en Viret het dit reeds voor hom gedoen. Byna lewenslank het hy vir daardie beginsel gestry. Daarna is hierdie beginsel byna ooral in die Geref. kerke toegelas. Dis in die hand gewerk deur die feit, dat die Geref. kerke hulle volgie nie van die owerheid gekry het nie. In 1571 is daar te 'bden baie oor die tug gesprek. Artt. 25 - 34. Dordt, 1574 het enige veranderinge aangebring. Art. 82. In latere generale sinodes. het daar enige redaksionale byvoeginge gekom, b.v. Middelburg, 1581, artt. 58 - 65. Dordt, 1576, artt. 92 - 101. Die art. self is geen eintlike definisie nie. Daar word alleen gese, dat die kristelike straf geestelik is, en dat sy niemand van die straf van die burgerlike owerheid bevry. Hierdie laaste gedeelte vloei voort uit tydelike omstandighede. Die beswaar van die owerheid teen die kerklike dissipline het vernamlik voortgekom uit vrees vir kerklike oornag. Om daardie beswaar af te sny, is hierdie sinode ingevoeg. Daar word dus nie getree in die regte van die owerheid nie. Die kerklike dissipline is op 'n ander gebied, het 'n ander doel, en ander middels as die owerheid. Geen botsing is moontlik nie, as elkeen sig op sy eie terrein hou. Deur sulke 'n sinode is gehoop om die owerheid te bevredig, en politieke approbasie van die K.O. te verkry. Dit het egter nie gebaat nie. Immers, as aan die kristelike owerheid die reg toegesien word, om uit te maak, watter kerk die kristelike is, en as sy die dan moes bekeem, het daardie kerk dan ook politieke invloed verkry. Ook kon niemand 'n politieke betrekking bekies nie, as he nie lidmaat van die kerk was nie. Die lidmaatskap was dus 'n politieke reg. As die kerk die lidmaatskap opse, dan het so iemand ook geen politieke reg meer. Die kerklike dissipline is geestelik, werk met geestelike middels, het 'n geestelike doel, en beweeg sig heeltemal op geestelik terrain.

Wat is nou eintlik die kerklike tug?

Tug is die handhawing van die reëls, wat vir 'n sekere kring geld, deur middel van persoonlike bestrafing. Kerklike tug is dus in wese nie anderskeie van ander tug b.v. in die huisgesin, skool, leer, ens. Maar by die kerk word verstaan, dat daardie reëls deur die Koning van die kerk gestel is, soos die huisvader dit doen in die huisgesin. Daardie reëls is dus nie deur die kerk gestel, of deur 'n mens nie, maar deur die Here self.

Die wil van die Here is dus steeds die agtergrond vir die uitoefening van die kerklike tug. Indien kerklike tug sdu geseen word op grond van menslike instellings, ontlaar dit. Vgl. Tug by die Fed. Geref. Kerk van S.A. met haar "wette".

Die noodsaaklikheid van die tug is prinsipieel aangeval, behalwe deur Luther en Zwingli, ook deur die Geref. kerke wat kollasialisasies is, of revolusioner op die gebied van kristelike vryheid, veral deur T. Erastus, mediese Prof. te Heidelberg. Verna verdienking van Ariaanse dwalinge is hierdie meneer in 1584 te Basel afgesny van die geme nakep van die kerk. Hy het te Heidelberg enige theses gemaak oor kerklike tug, . Pa sy dood is daar na daardie theses gevra. Die tweede man van sy weduwee, C Vetro, het hulle uitgegee. Dit was heeltemal klaar regelaas deur Erastus, 1589; Explicatio gravis questioris. Hierdie werk is baie verkoop in die stryd teen die Presbiteriane. Dis beantwoord deur Beza. Pwees deur Ursinus in sy bekende "Thesaurus". Gevra kan word, hoe Erastus tot sy mening gekom het, dae in ie N.T. en in die ou kerk tog heel anders geleer is. Erastus het dan ook nie ontken nie, dat in die eerste eue die tug kerklik was, maar hy het beweer dat dit alleen geld vir die eerste tyd, omdat die owerheid toe nog heidens was. To het hy gemeen, om die bewys vir die kerklike tug, aan die ou kerk ontleen, te elimineer. Teenwoordig sou dae rdas argument niks beteken nie, . Maar in die 16de eue is geleer, dat ook die geboorte van die eerste tafel onder die owerheid eeval het. Vandag word aangenem, dat die owerheid sig op kerklike terrain nie mag laat geld nie. Dit kan wel vo rkom, dat dieselfde saak val, beide onder die kerklike dissipline en die burgerlike straf, maar elkeen mag alleen straf, vir sover dit sy eie terrain betref. Die owerheid straf nie geestelik nie, soos die kerk,. Reeds in die tyd van Erastus is teen daardie argument ingooring, dat dit nie waar is nie, dat die eerste kerk sig 'n deel van die owerheidswerk aangematig het, omdat die owerheid paganisties was. Voorts verander die roeping van die owerheid ook nie, namate die persone heidens of kristelik is nie,. as dit dus die roeping van die owerheid, dan sou daar iets van in die N.S. gestaan het.

Die teenwoordige verzet teen die kerklike tug vloei vo rt uit die panteistiese beginsel, wat die onderskeid tussen die terreine van die gemene en partikuliere genade geheel weg neem, en wat geen onderskeid maak nie tussen die kerk en die wereld. Hierdie rigting leer, dat aan die kerk geen eie terrain toekom nie, en dat sy dus nie 'n eie tug kan he nie. Wel erken die panteisme, dat 'n veroniging die reg het om 'n lid te verwyder uit haar kring, as sodanige lid sig verset teen die reele, wat in daardie kring geld. Maar dan word die kerk beskou as 'n genootskap, en die daar geldende reëls as menslike reglemente. Die kerk is egter geen genootskap nie, maar die liggaam van Christus. Die kerklike tug is op die N.S. gebou, en is hoofsaaklik daaraan ontleen. Ook wel om andere redes.-

- a. die historiese kerk van die ou tyd het dit gehad.
- b. die natuur van die saak stel dit as noodsaaklik.
- c. die gewoonte by Israel, wat selfs gesien het verbanning uit die midde van die Bondsvolk.

Tog is die kerklike tug vernameklik uit die N.S. ontleen. Vgl. Matt 18; 15-18; Matt. 7;6, wat daar ook byhou, hoewel hier alleen beginsel gestel word, wa ruit die tug volg. Joh. 20;22 sreek weer meer oor die ekskommunikasie. Rom. 16; 17 spreek daar ook van. In Gal. 5 ; 19 is wel nie direk sprake van ekskommunikasie nie, maar ord tog daarop bedoel. Tit. 3;10 se; "Verwerp 'n ketterse mens". 2 Joh. vs 10 skrywe iets dergelyks voor. Ook kom dit baie duidelik voor in die briewe in Openb. 2

In daardie uitsprake vind ons nie 'n betoog of reglement vir die kerklike tug, maar wel vind ons die beginsels daarvoor.

Die doel van die kerklike tug is nie altyd, ook deur Geref. nie, gelykluidend uit gesprek. Die onderskeid is gewoonlik in meerdere of mindere duidelikheid van die bepalinge

Die volledigste en duidelikste bepaling vind ons by Calvin; Insti. Bk. 4 op. 12, waar hy se dat die kerklike tug drie doeleindes beti-

- a. om die ere van God te bevorder, en die lastering van 'y Naam te voorkom. .
- b. die belang van die gemeente; om die gelowiges te bewaer vir besmetting, want en om hulle te waarsku; hy beroep sig op I Kor. 5; 'n Dietjie suurdeeg.
- c. om die sonde daar te beskerm en te behou. 2 Koll. 3; 14.

Opdat hy beskerm mag word.

As ons oor die doel van die kerklike tug sandpleeg a lazo; Formasie van Patio, 1555, waarvan hy die hoofsaak reeds in 1580 toegepas het, in die Vluchtelingkerk te London, dan sien ons, dat hy die 'n wetenskaplike definisie van die doel van die tug het nie. Oor die geheel is daardie boek van a lazo nie van diensdige aard as die Institutio nie, maar meer bestem om die kerklike gebruike, bestaande by die Londenese Vluchtelingkerk, te ontwikkel en te regverdig. Oor die tug handel hy in Deel II, pag. 270 vv. Hierin beskrywe hy die kerklike dissipliene. A lazo neem as doel; die kerk in die algemeen, en elke lid in die besonder "constituere in suo officio". Hierin is opgesluit dat die tug dien;

- a. tot suiwerhouding van die kerk,
- b tot terugbringing van die afgewekene.

a lazo neem nie afsonderlik die derde punt van Calvyn, om God eer te bevorder, omdat syne insiens, dit vir sy praktiese doel nie nodig is nie.

Witvoerder sprekt Voetius daarvoor; Polit. Theol. II, p. 272.

Hy neem 7 doeleindes, wat eintlik daar op drie neerkom;

- a. om God eer te bevorder, en lastering te bestraf,
- b. om die sondeur te beskerm en te behou,
- c. om die gelowiges vir besmetting te bewaer.

Die drie punte van Calvyn. Voetius voeg daar nog vier ander by, wat eintlik reeds in die drie genoemde opgesluit is. Voetius neem 7 punte, omdat hy goue splits, en lief is om 'n saak van verskillende gezigspunte te beskou.

Met die definisie stem ooreen, wat oor die doel van die tug gesê word in die formulier van die Ban. In die begin word gesê, dat die tug toegepas word, om so moontlik, die sondeur te beskerm, en opdat die Naam van God nie gelaster word nie, en die kerk nie besmet sal word nie. In twee formuliere word oor die doel gesprek, n.l. Artt. 30 & 32 van die Konfessie, en Sondag 30 & 31 van die Kategismus.

Hierin is opgesluit die drie punte van Calvyn, hoewel nie skerp wetenskaplik nie, omdat die formuliere slegs 'n leerboek, en nie 'n populêre dogmatiek is nie. Sondag 30 & 31 leer iets dergelike; betoering van die sondeur, suiwering van die gemeente, en implisiete ook die eer van God. Eindelik in die K.C. is die doel; om die sondeur met die kerk en sy nakste te versoen, en die ergernis uit die gemeente weg te neem. Dus ook weer wat die gedagte betref, die drie verskillende punte van Calvyn met K.S. gestaan.

In die Geref. kerke is daar geen verskil oor die doel nie. Tog moet in die oog gehou word, dat die uitwerking en toepassing baie afhang van die doel, en dat, hoewel as doel dieselfde geneem word in teorie, in die praktyk dit nie die geval is nie. Vandaar in die uitoefening baie verskil. Terenagte word daar doeleindes by maak, b.v. die om in die kerk 'n stel menselike verordeninge te orderhou, terwyl hulle uit die Woord van God geneem is nie.

Maar dan is daar ook geen menselike bepalinge nie. Tug mag geen middelmatige dinge opdrag nie. Dit kan wees, dat daar sig nie te steur aan menselike bepalinge nie, die orde uit die kerk wegjaag. Dan moet die tug gebruik word, maar nie om die orde te herstel nie, maar om die eer van God te handhaaf. Dit het voorgekom, en kom vandag nog wel voor, bepaaldelik in die Geref. kerke, wanneer die oordieners deur die tug probeer om hulle wil daar te sit, om die loofheid te handhaaf. Tug mag ook nie gebruik word om van laetige mense af te raak. Laetige mense is soms baie nuttig. Mens moet hulle nie verwyder nie, maar hiewe die tug in hou.

Die Voorwerpe van die kerklike tug.

Die tug mag nie so ver gaan as die Rooms kerk dit drywe, b.v. oor leweloos dinge, oor afgestorwenes, oor 'n mensse massa saam, en oor almal, wat in ongerief betrekking tot die doop tot 'n kristelike terrein staan. Die tug mag alleen gaan oor diegene wat lede is van 'n geïnstitueerde kerk, terwyl sullen die kerkraad van so 'n kerk mag tugtig. Die tug oor leweloos dinge word deur die Rooms kerk b.v. so toegepas, dat 'n hele plaaslike kerk opier die tug te staan kom, sodat daar geen bediening van die Woord en Sakramente meer mag plaasvind nie, hoewel die afsonderlike lede nie aan die tug onderworpe is nie in die ander plaaslike kerke, en daar dus na die kerk mag gaan, en Sakramente mag gebruik. Dis natuurlik onjuis. Alleen persone kan getugtig word. Van tug oor gestorwene kan daar geen sprake wees nie, omdat die doel van die tug nie bereik word nie. Dit neem agter nie weg, dat die kerk na die dood van die persoon lig kan uitlaet oor syvade, leer of geskrifte, maar dit ges geen tug nie. Die persone word dan nie getref, maar wel hulle lew. Invloed sou die tug natuurlik nie kan he oor iemand wat reeds dood is.

Tug oor 'n menssemasse kan ook nie, soos b.v. die Rooms kerk elke jaar doen, deur alle nie-Roomse in die ban te doen; want;

- a. berisping en afhouding van die H.A. moet tog eers vooraf gaan,
- b. daar moet geleentheid vir verdediging wees,
- c. by die tug oor die massas word onskuldiges getref.

Ook meen die Rooms kerk, dat sy tug kan uitloer oor diegene wat nie lid is van die kerk nie, maar wel gedoop is.

Die tug van 'n geïnstitueerde kerk kan alleen gaan oor lede van daardie kerk. Sy kan alleen tug oefen oor diegene, wat sig aan haar gesag onderwerp.

Val Konings en Oweghede ook onder kerklike tug?

Ja, as hulle lede van die kerk is, want hulle is nie lede in hulle werldse kwaliteite nie. Maar in sodanige geval is natuurlik dubbel tak en versigtigheid nodig. Dit mag nie geheel en al verby gesien word nie, welke burgerlike betrekking hulle ook beklee. Dit doen die kerk so dikweld, b.v. benoem tot administrateurs van die kerklike geld die meer ryk mense, om die armes nie versoeking te bring. Hieroor is nie die verskil nie. Maar wel oor die vraag, of tug gaan oor kinders en bejaardes, wat geen belydenis gedoen het nie, ofskoon hulle die leeftyd het daarvoor. Hierby moet daarop gelet word, dat elkeen wat in die geïnstitueerde kerk gedoop is, lid daarvan is, al is hulle ook inkomplete lede. (Vootius). Die tug gaan oor alle lede, dus ook oor kinders, maar dan is dit inkomplete tug. Sulke tug sal natuurlik weinig voorkom. In die reel sal sulke tug oorgelaat word aan die ouers, onderwysers, of aan die partikuliere berisping van afsonderlike lede, of van die kerkraad, wat ook toedig oor hulle moet oefen, b.v. of hulle katechesie toe gaan.

Kan tug toegepas word op mense wat nog nie belydenis gegee het nie, en reeds tot jare van onskuld rekommendat?

Hierdie saken is moeiliker. Daar is baie voor te se. Hulle kan die gemeente in slegt naam bring, en as hulle nie vermaand en berisp word, word hulle in die kwaad gestyf. Veral teenwoordig wil die kerkraad hierdie saken reel deur dooplesboek aan te hou, maar dis onjuis. So word hulle polities gewettig, en toegestaan, dat die toelating nie so nodig is nie. So word die onbesprokenheid van handel die kriterium van 'n lidmaatskap en bly die kerk nie die ooreenblyf van die liggaam van Christus nie.

Moet sulke persone dan jengeoor word? nêr, sekerlik nie. Met daardie bogenoemde stelsel volg, dat 'n kind dan maar ongemeeld moet oelaat word solank as hy die kerk nie tot skande is nie. En dit mag nie. Sulke ongehoorzaamheid moet gestraf word. In hierdie opsig is daar twee maniere van handel;

- a. die van die Vluchteling kerk van Londen (Forma ad Ratios) waar kinders wat op 15 jarige leeftyd nog nie belydenis gegee het nie, officieel berisp is. Weier hulle, en hulle doen nog geen belydenis nie, dan is hulle openlik geëkskommuniseer.

b. die Dordtse sinode het ofter bepaal, 1576, dat tug op diegene wat deur die doop alleen 'n algemene getuieris had van die Verbond van God, nie toepaaslik is nie. Vgl. sinode, 1578., Part. Vrae 48 p.138. Maar hulle moes gehou word vir afvalliges, en daer hulle op hul 20ste jaar nog nie belydenis nie, dan moes hulle afgeesig word, en as onwedergebore aangeneem.

Voutius, Polit. Doctes. Dl. I. Pag. 2, en Dl. IV. pp. 849 en 850. was die hierns eens. Hy beweer, dat 'n kind wat geen belydenis doen nie, op grond van sy doop, nie gesien kan word as belorende tot die kerk nie. Die kerk het maar twee soorte lede, n.l. komplette lede en kinders.

Welke leeftyd is daarvoor gestel? Daar is geen leeftyd gestel nie. Dis baie moeilik om te besluit, wanneer. Maar die kerkraad het ook nie formeel 'n verklaring af te le nie, dat iemand afvallig geword is. Hierdie metode is prakties, maar tans moet die formele verklaring bykom.

ARTIKELS 72--74.--

Art. 72.-- Wanneer dan iemand teen die suiwerheid van die leer, of die vromigheid van wandel sondig, sover as dit heimelik is, en geen openbare ergenis gee nie, so sal die saak onderhou word, wat Christus duidelik voorgeskrywe het in Matt. 18.

Art. 73. Die heimelike sondes, waarvan die sondaar berou het, nadat hy deur een, en in die besonder, of deur twee of drie getuies vermaan is, sal nie voor die kerkraad gebring word nie.

Art. 74. So iemand geen gehoor gee nie, nadat hy oor heimelike sonde deur twee of drie persone bestraft is, in liefde, sal sulks die kerkraad aangegee word.

Hier word eens aggee die redes, waarom die kerklike tug moet geëfien word. In die algemeen is dit volgens art. 72 weens sonde teen die suiwerheid van die leer of vromigheid van die wandel. Reeds in die eerste redaksie van 1571 af is hierdie art. nie verander nie, ewens die ander arts. oor die tug. Die definisie stem ooreen met Art. 72 van die konfessie, met sondag III van die Kategismus, en met die Avondmaalsformulier. Dis ook taslik algemeen erken, ten minste t.o.v. onkristelike wandel. Sommige Protestante verskil oor die onsuiverheid van leer, hoewel geen enkele geïnstitusioneerde kerk beweer, dat onsuiverheid van leer daar niks aan toedoen nie. Maar sommige se, dat elkeen teenoor God en sy die gesete moet weet, wat hy dink. Maar prakties word dan beweer, dat die leervryheid dan moet beperk word alleen vir onsedelike afwykings. Enige tekste pleit skynbaar daarvoor. B.v. I Kor. 3; die gebou is die xlikke leer. Een bring goud en silwer aan, die ander hout, hooi en stoppels. Die tyd sal leer hoe die gebou was.-- So het diegene, wat nie suiwer was in die leer, gemeen dat hierdie skriftuurplek moet uit gele word. Maar indien Paulus dit bedoel het, sou hy lynreg in stryd wees met homself, volgens sy ander uitsprake, b.v. Gal 1. Dit stry ook met I Kor. 3. Die bogenoemde tekste opvatting dank ons aan die Reformasie. Die Roomsse kerk het op hierdie teks al unicum, haar leer van die vaesuur gebaseer. Toe het die reformatore, uit reaksie te ver na die ander kant gegaan. Rome het beweer dat die gebou van I Kor. 3, die kristelike gemeente is, en near terog God, akterwerk genoem kan word. Dit vrees, om in die Roomsse vaesuurstelsel te val, het die reformatore hier beweer, dat die leer hier bedoel is. Dis nie waar nie. Die materiaal is, wat elke gelowige aan die gemeente toebing. Gelowiges geel goud en silwer, en skyngelowiges, hout en stoppels. (Ja?). 'n predikant van die hart nie ken nie. Hy sal dus behoue bly ook al het hy slegte materiaal tot die gemeente toegebring. Iewas pleit vir hierdie opvatting, Phillip. 1;18. (Beweer is dat Paulus sig verhef oor diegene wat Christus onder 'n dekmantel verkondig, en dus nie die suiwer leer gebring het nie. Dwaalleraars moet dus geduld word.).

"Onder 'n dekmantel" beteken ofter heel iets anders, soos Paulus ewe van te vore uit gele het, hulle presk onder voorendel, dat hul es deur die Evangelie gedrye is, terwyl hulle dinklik gedrye is deur haat en nyd teen Paulus. Hulle het dus nie die Evangelie verkondig nie, in opregtheid van hart nie. By 'n suiwer Evangelieprediking moet dan ook die hart ter beoordeling aan God oorgelaat word.

Intussen, nie al e afwykinge van leer en lewe moet met tug gestraf word nie. Die wondes moet openlik bedee wees, en aanstoot gee het. Veral onder Dopers is dit uit die oog verloor. Elke misdaad in leer en lewe moet hulle met die tug straf. Maar dan bly dan niemand oor nie, want volmaakter is hier benede in die kerk van Christus nie.,

As 'n afwyking nog heimelik is, en geen openbare ergenis gegee het nie, moet gehandel word na die reël van Matt. 18., waar 'n algemene reël van twee broers gegee word. In die Roomsse Kerk het die gemeente buite die tug gestaan; private berisping was onbekend. In die Lutherse e.a. kerke moes die owerheid of die Raad van die kerk vir die tug wakk. Maar die Geref. leer anders. Die forma ac ratio van a Lasco b.v. leer, dat iemand moet gesing wees om private berisping te gee of te ontvang. Wouda Calvyn het gees; (Instituio Bk. 4) Die fondament is persoonlike vermaning. Ons K.O. so dieselfde uitdruklik. Natuurlik, die moedlik, en private berisping bly agterwaalse keur. Veel gemakliker is iets, na analogie van 'n verhoor, met bepalings, wette en reglemente, 'n soort Code Penal, soos die Roomsse kerk het. Maar die berisping moet in die gemeente begin. As die tug nie in die gemeente wortel nie, dan is sy as 'n juk op haar, en mis dan ook haar doel, n.l. om te ooprek tot die gewete van die gemeente. As die private vermaning verlore gaan, is daarvan die gevolg, die verval van die kerk.

Juis op daardie private vermanings moet die kerk altyd nadruk le, en werk. Niemand mag by 'n kerklike kollegie oor 'n ander kom klag, as hy nie na die reël van Matt. 18 gehandel het nie. Die private vermaning is dus die teel van die kerklike tug, en vorm die fondament daarvan. Hierin le nog 'n tweede beginsel, n.l. die uitspreke van die tug oor hardnekkigheid, waarna in die orde volhard word. Die hardnekkigheid is die kwaad wat deur die kerk moet getug word. Ook hierin is die kerklike tug dus heeltemal van die burgerlike straf onderskeie. In die burgerlike straf, is misdaad die grond, en die hardnekkigheid kan alleen 'n verswarende omstandigheid wees. Dit geld ofter van straf, en nie van tug nie. Die doel van tug is juis verbetering. Die doel van tug is bereik, as berou geblyk is.

Die vraag is gedoen, of tug dan wel ooit gegee kan word, as skuld belyde is? Dit sou lyk of die handeling terstond moet eindig.

Bis wel die geval by heimelike afwyking, maar nie as die afwyking oopenbaar was, en aanstoot en ergenis gegee het. Daar is ofter gevalle, dat ook daar, na skuldbelydenis en berou, die handeling ophou.

As dit ofter algemeen die geval is, dan sou die tug daarmee ophou. Berou sou dan dadelik betoon word, en baie keur sou dit geveinsdelik wees. Die doel van die tug sou dan nie bereik wees nie.

Voorts geld, dat seker saker die sondar weer aangeneem moet word, na skuldbelydenis en opregte berou. Meestal sal mens juis ook enige tyd moet laat verloop, om te laat toon, of dit sere erns is met die berou. Die oopregtheid daarvan moet of die proef gestel word, opdat die kerk gewaarsborg mag wees.

Verder is by openbare ergenis gegee. Hiermee moet rekening gehou word, want die gemeente sou daarmee besoodel word, as iemand, b.v. direk na 'n groewe sonde weer die H.A. kom gebruik. Voorts moet blyk dat iemand sig verootmoedig, en nie maar berou toon, om net van die tug af te kom nie.

Eindelik le in die private vermaning nog 'n derde beginsel ogealuit. Die uitvoering van die tug is opgedra aan die gemeente. Alle gemeente lede is fondament van die tug. Hiermee staan die Geref. erk teenoor die Roomsse hierargiese begrip e. Die Geref. bely die potestas ecclesiastica ook in die tug. In Matt. 18 staan; le aan die gemeente.

Vgl. ook I Kor. 5;4. Uit hierdie uitdrukkinge is dan ook vakk afgelei, dat die tug in sy geheel deur die gemeente moet uitgespreek word.

In 1562 is dit in Frankryk voorgestaan deur J. Morelli, en in Nederl.

deur die Bruiniste (R. Brown). 'n beroep hiervoor is gemaak op I Kor. 4;10, en uit hierdie plek volg weer 'n oëmerk, dat die tug aan die gemeente opgedra is, maar nie dat die hele kerk deur die gemeente moet behandel en uit gevoer word. Elders staan tog, dat die tug aan die opsieners opgedra is. Hulle is die orgaan van die gemeente. Die opsieners is die voorstanders van die kerkregering; die luidesorgers. Hulle het dus 'n spesiale taak. In Matt. 16; 19, Joh. 20;21, word die uitoefening van die tug voorgestel as opgedra aan die opsieners. Uitoeffening van die tug deur die gemeente is onmoontlik, behalwe mislukking by heel klein gemeentes. Dit sou nie gaan nie, dat elke lid grondig sou moet gaan ondersoek. Dit sou dan oppervlakkige onbillike tug wees.

Oëmerk kan egter word, of die opdrag aan die hele gemeente dan nie illusioner is nie? "Nee". Hierdie opdrag bring mee, dat die kerkraad sig bewus moet wees, enkel orgaan te wees, en dus nooit mag optree nie, om die gemeente te oorheers, en hierargies te wees, teen die sin van die gemeente in. Dit geld by alle handeling van die kerkraad. Daar moet gelet word op die oordeel van die gelowige. Dan alleen sal die tug werk in die gemeente. Dit wil weer nie se nie, dat mens onherroepelik gebind is aan die oordeel van die gemeente nie. Die gemeente kan soms nie genoeg gewone besit nie, om behoorlik te oordeel. En eindelik, die tug in die laaste instansie, n.l. die ekskommunikasie, mag nie voltrek word nie, sonder om die gemeente daarin te ken. Mens sou dan kan vra, : Wat moet dan gebeur as die persone sig teen die ekskommunikasie verklaar? Dan moet die besluit van die kerkraad herzien word, of 'n nuutige kerkraad of klas is moet gekoos word daarvoor.

Of by die enkele afhouding van die K.A. dit aan die gemeente moet meegedeel word, so die K.O. nie. Dit hang af van die plaaslike gebruik. In groter gemeentes is dit seker nie gewone nie, daar die saak dan noodloos rugbaarheid sou verkry. Voorts is in die beginsel van private vermanings nog dit opgesluit, dat, as die opsieners hulle plig versuim, die gemeente dit weer ter hand moet neem. In die Roomsse, en grotendeels die Lutherse en die Episkopale stelsel is daar geen remedie nie, as die opsieners hulle plig versuim, en die tug terwyl stel. In daardie stelsels is die tugsak van die hierargie, bly die hierargie in gebreke, dan het die gemeente geen roeping nie. Hy kan alleen vernam, aandrang, en smeek. Verder is daar niks aan te doen nie. In die Gereel. kerke is dit anders. Met die Reformasie het dit geblyk, dat dit skriftuurlik is, dat die tug sal wortel in die gemeente. Wanneer diegene wat met die uitoefening daarvan belas is, hulle plig versuim, dan moet die gemeente weer handel. Dis dan ook genoem; die amp van alle gelowiges. En Impl. word dan hier verstaan, nie in die sin van "munus" nie, maar in die van "officium".

Hoe moet die gemeente handel? Nie deur sigself nie, maar deur instrumente. Hulle moet dus die instrumente, wat reeds, om in diens van die Here te staan, verwyder en vervang deur ander, wat wel wil. Hulle moet dus nie optree in elke geval waar die organe in een of ander opsig misluk. Volmaakte organe sal die gemeente wel nooit kry nie. Die vraag is altyd, of die afwyking van die organe prinsipiaal is, en b.v. kerkraad, klas en sinode welbewus die valse leer handhaaf, of dwaalleerars beskerm.

ARTIKEL 75. Van al sulke sondes, wat vanweë hulle natuur openbaar, of deur veragting van die kerklike vermaninge, in die opekbare gekom het, sal die vergoening, (wanneer mens genoegsaam tekens van boesvaardigheid sien) in sulke vorm en manier geskied, as tot stigting van elke kerk deur die kerkraad bekwaam sal geoordeel word, of sy in bepaalde gevalle openbaarlik sal geskied word, wanneer daar in die kerkraad gekil oor is, in kerke, waar maar een dienaar is, met twee advies van twee genabuurde kerke beoordeel.

Die openbare vergoening. Dit geskied volgens D.K.O. wanneer 'n mens "seker" tekens van berou sien. ("seker" ; "certa", en nie "uadum" nie). Vgl. die uitdrukking in Wesel artt. , 1568; K.O. van 1571, en die halfoffisiële vertaling van die K.O. 1581. Die Utrechtse redaksie het "genoegsaam",.

In hierdie art. word gehandel oor die vraag, hoe die versoening in die kerk sal geskied. Natuurlik is by private of heimlike afwyking van geen versoening met die kerk sprake nie. Wie aan die private vermaning geboor gegaan het, is nie met die kerk in tweespalt gekom nie. Die vraag is gedoen wat onder "openbaar" moet verstaan word. Dis nie in besonderhede uitgewerk nie. Maar dit is duidelik genoeg. As iemand in huis, of by 'n private geleentheid, met enkele vriend welens 'n valse leer verkondig het, is dit geen openbare afwyking nie. Wel as hy daer propaganda voor bryl. Tweeërlei by die veragting van die vermaning is dit dan openbaar, as dit aan die gemeente bekend gemaak is. Die enkele mededeling van die afwyking aan die kerkraad, is nog geen openbaarmaking aan die gemeente nie. Eers in art. 77 oor die afwyking word gespreek oor openbaarmaking aan die gemeente. Dus voor die tyd word in die reël nie openbaar gemaak nie. Indien iemand openbaarmaking aan die kerkraad, openbaarmaking aan die gemeente noem, en dus openbare versoening wil he, dan moet mens daardie openbare versoening ook voor die kerkraad laat plaasvind. Eers as die kerkraad nie kan verder nie, en mens dus tot die ekskommunikasie moet oorgaan, word dit openbaar. Ook kan dit op 'n ander manier openbaar word, b.v. as die persoon dit self rondvertel, of vanneer die aard van die sonde sodanig is, dat dit vanself openbaar is. Burgasna sal mens weet, of 'n sonde openbaar is, d.w.s. of byna alkeen in die gemeente dit weet.

Die bepaling van hierdie art. word in ons tyd dikwels verkeerd opgevat, byna net andersom, n.l. of die kerkraad voorskryf dat na ieder sensuur die versoening in die openbaar moet geskied. Maar vergeet word, dat daarby staan, "deur die oordeel van die kerkraad, en twee geskiedende kerke". Daardeur word die hoër sin bepaal. Dit blyk die duidelikste uit die geskiedenis van die art., al afkomstig van 1571. Tot verduideliking van die sin is daar enkele wysiging in aangebring. Vgl. art. 29 van 1571. Dus die gehele kerkraad moet dit uit maak. Uit die praepositie "ex" blyk, dat die grênd is, die gevoel van die ganze kerkraad, en nie die predikant alleen moet dit uitmaak in die kerkraad nie. Daar is dus in, dat nie elke openlike sonde openlik versoen moet word, anders kom daar geen arbitrium by te pas nie. In 1578 het die art. onveranderd gehy. Art. 98. Maar uit die antwoorde op die Part. vrae blyk nog duidelik, hoe die art. bedoel was. Vraag 44 was; Hoe gehandel sal word met diegene, wie se sonde deur langdurigheid van tyd in vergoteldheid geraak het? Geantwoord word; Hulle sal toegelaat word na vernaring en gekleine skuldbekentenis. Nog duideliker is Art. 48. Gevra is; Of dit genoeg is by die versoening van 'n openbare sonde, dat die versoening voor die kerkraad alleen sal geskied, omdat daar in die kerk ook spotters kom, en die sonde dan ook aan hulle openbaar word. Die sinode het hierdie bevaar gebillik, en het geantwoord, dat dit genoeg was, as die versoening geskied voor die kerkraad in die teenwoordigheid van diegene, wat die kerkraad van oordeel wat daarby moet wees. Verder, dat die sonde, sonder die naam van die persoon te noem, so moontlik aan die gemeente sal bekend gemaak word. Hier is dus uit gespreek, dat dit beter is, om die versoening nie openbaarlik te laat geskied nie. Ook die bekendmaking aan die gemeente moet op uiters versigtige manier geskied. In 1581 is die art. enigins gewysig., in die Caref. vers. I.P.v. "na die oordeel van die hele kerk", het daar nou bygekom, "en advies van die klasie". Daarmee is dus uit gespreek, dat die openbare versoening ook min of meer 'n uitsondering was. Vannet die sonde sloeg aan weinige persone bekend was, dan sou hulle verskyn by die kerkraad, om die versoening te hoor.

Twee is daar geantwoord op die Part. vrae o.a. een uit Zeeland; of die skuldbelydenis ook in die openbaar moes geskied? Antw.; dat met die openbare versoening bedoel word, ; versoening in teenwoordigheid van almal; wat ter kerk kom. Verder nog, dat dit sonder die voorwete van die klasie nie moet gebeur nie, oormits die redikante dikwels nie genoeg ervaring het in 'n tugsaak nie, en ook die kerke nie dis egter nie gepubliseer nie, sêker omdat die sinode dit 'n bietjie krenkend gevind het.

In die outertlike stuk staan dit wel, maar die praeas het dit by die druk gewoon deur gelaat, ewaar ander dinge. Dit staan dus nie in die gedrukte handelinge nie. Dit kom egter voor in die uitgawe van die Kerkvereeniging. Verder is ook geantwoord, dat daar bepaalde reëls vir die openbare versoening moet wees. In 1586 is "advies van die klassis verander in "advies van twee genabuurde kerke", en dan alleer in die geval van kleinere kerke, omdat dit lastig was, om die hele klassis se advies in te wen. Dit oit alleer blyk juist, dat die bedoeling was, om die openbare versoening te beperk. Dit blyk ook uit art. 79, D.K.O., waar pas by die ekskommunikasie die naam bekend gemaak is.

Bepaalde reëls omtrent die noodsaaklikheid van die openbaarmaking word nie gegee nie. Daartoe, so die art., moet die kerkraad oordeel. Tog is daar in die algemeen wel iets te se aanpaande sodanige openbaarmaking. In die algemeen kan gesê word, dat die versoening nie in die openbaar moet geskied, as juist daardeur die afwyking in groter kringe sal bekend word, wat veral die geval is in die groter gemeentes. By ekskommunikasie is dit anders. Dit moet altyd bekend gemaak word. Ook moet die versoening nie in die openbaar geskied nie, as daardeur die eer van die gevallens nog meer sou ly, as wat nodig is, b.v. as openbare versoening sou geskied in 'n gemeente waar die mens nie daaraan gewend is nie,

te kan dit ook voorkom, dat openbare versoening die gemeente ontstig, dan stig. Beide hang af van die denkwysse van die gemeente met betrekking tot hierdie twee punte. Outyds was daar nog meer 'n communis opinio hieroor. Byna iedereen het gedink, dat sensuur nodig was by ergerlike afwyking en hardnekkigheid, maar diegene wat berou betoek het, het direk weer met die ander lede op een lyn getaan. Jans is daar kerke, waar iemand, eenmaal onder sensuur gestaan het, byna lewenslang as deur die kerk nie meer vertrou nie, beskou word. Dit moet natuurlik teëgegaan word. En waar baie Puriteins heers, kan openbare versoening uitdaging gee tot selfverheffing. Openbare versoening is raadsaam, as die sensuur daar afgekondig is, met die raam daarby. In die algemeen kan die openbare versoening geskied, as sy raadsaam geag word vir die eer van die gevallens, en tot stigting van die gemeente. Hierby moet natuurlik ook rekening gehou word met die usansie. Gelyke gevalle moet gelyk behandel word. Openbare versoening mag nooit plaasvind nie sonder advies van twee genabuurde kerke, om gewiswaar te wees teen persoonlike ooreenkomste. Voorts moet sy altyd geskied in sulke vorm en manier, as tot stigting van elke kerk bekwaam sal geoordeel word. Dus nie so nie, dat die begane sonde nog 'n keer haarfyn uitgepluis word. Wel moet dit genoem word. Ook moet die sonde daar nie meer dan nodig, verneder word. Verder moet daar geen persoonlikhede wees nie. Die vorm moet dan ook vasgestel word deur die kerkraad. Al ontwerp die dienaar dus die woorde, moet hy dit dus tog aan die goedkeuring van die kerkraad onderwerp.

ARTIKEL 76. So wie hardnekkiglik die verandering van die kerkraad verwerp, en desgevolg nie 'n openbare of groter sonde sal gegee het, sal van die K.A. a'gebou word. En indien hy, naasat hy verskeie veranderinge gekry het, geen teken van boetvaardigheid betoek nie, sal mens ten laaste tot die uiterste remedie oorgaan, n.l. die afsondering, volgens die formulier, na die woord van God se rief gestel. Nog niemand sal afsondering word, dan met voorgaande kennis en die klassis.

Die afhouding van die K.A. is 'n voorlopige of tydelike ekskommunikasie. Dit kan ook genoem word die eerste trap van kerklike tug. Die volle ekskommunikasie is daar dan die tweede trap. Die het weer twee onderdele (bekendmaking sonde, en met naam, en ekskommunikasie). Daar is ook 'n opvatting, dat daar in die geheel drie trappe van tug is. Die afhouding van die K.A. word dan beskou as die eerste trap, van die ekskommunikasie, (so dat art 76 die eerste deel is van art. 77). Dit egter nie heeltemal in ooreenstemming met die K.O. nie. Intern-deel, die eerste deel van art. 77 veronderstel, dat art. 76 reeds vooraf gegaan het.

Die ekskommunikasie kan nie begin nie, voordat vooraf 'n houding van die H.A. plaasgevind het nie. Art. 76v handel dus alleen oor die afhouding van die H.A. Dit reeds ingevoer deur Calvyn in 1538 en 1539 te Straatsburg, daarna te Geneve, waar hy juis so'n heftige stryd gevoer het. Sulke afhouding van die H.A. het reeds prinsipieel gale in die eis, dat niemand tot die H.A. sal toegelaat word nie, dan na voorafgaande geloofsbelydenis, en getuienis van wroms werdel. Die belydenis hoor dus in sekere sin tot die oekening van die tug. Afwysing van die belydenis is 'n soort van tug. Anneer later belydenis en werdel nie meer onbesproke is nie, dan moet 'n persoon weer afgehoi word. Volgens die art. is twee gevalle nodig by afhouding. In die eerste gevalle is afhouding 'n tugmiddel. Daar is ook 'n afhouding wat nie eintlik 'n tugmiddel gesien kan word nie, en dus nie onder hierdie art. val nie. Voetius noem dit die "simplex abstinere".

a. vereens kan iemand sigself daar alhou met redene, b.v. as hy wens om eers van 'n sware bederfing gesuiwer te word. Maar die kerkraad kan dit ook doen. Voetius noem dan 'n agttal gevalle, b.v. as in die lewe 'n sware sonde bedroef het, en hierdie berou nog nie genoegsaam bekend is nie; of as iemand onder kerklike behandel is, sonder dat dit nog tot 'n beslissing gesien het; as iemand aangeklaag is weens 'n burgerlike misdryf, en hy rof voor die regter moet verskyn. Natuurlik mag dit nie willekeurig geskied nie. As die sake twyfelagtig is, moet dit aan die persoon self oorgelate wees. Hier is eger sprake van dissiplinere afhouding. Daarvoor is nodig, dat daar afwyking sal wees in leer of lewe, dat die afwyking ergerlik sal wees, en dat die persoon daarin hardnekkig verhard. Hierdie drie punte moet vererig wees. Voetius, boek 4, pag. 86, wys daarop, dat nie elke afwyking aanleiding gee tot toepassing van die sensuur. Wat geer ergernis gee nie, val nie daaronder nie. Baartoe bring hy met na e, werbataling uit onvermoe of nalatigheid. (Sommige wil die kerkraad alleen gebruik as invorderaar van die kuld). Dit hoor nie tot die terrein van die kerkraad nie. So ook die verdeling van erfenisse, e.a. siviele dinge. As daar onbehoorlike dinge plaasvind, soos vertyery, en a. dan word dit anders. Verder die swakhede, wat die gelowige altyd aakleef, en uitbarstinge van hartstogte, ydelse woorde, misatende in oeffening of omgang, onwetendheid in die leer, waardeur iemand onbewys die leer teesprek. Hierin is Voetius in volkome ooreenstemming met Calvyn. Voetius moet die vermaninge hard ekkiglik verloop wees. Egerlik is dit dan ook die groot verrame oorsaak.

Alles in enkele seer ergerlike gevalle kan 'n mens, voordat daar nog tot vermaning tyd was, tot afhouding van die H.A. oorgaan. Egerlik mag die sensuur dan ook nie toegepas word nie, as dit blyk, dat die sondaar, na vermaning berou het. Maar God vergewe, mag die mens die sonde nie toereken nie. Tog wil dit nie se nie, dat 'n skuldbelydenis aanstonds van alle dissipline moet afgesien word nie. Immers, mense is nie harteemere nie. Daarom is vir die mense nodig, dat die oopregtheid van die skuldbekentnis openbaar word, en as die sake openbaar was, moet die oopregtheid van die belydenis ook aan andere blyk, en dit kan alleen na verloop van tyd. Daarom is onthouding nog nodig, om geleentheid te gee, om die oopregtheid van die skuld te laat blyk. Dit ook nodig, om die naam van die Here nie te laat luster nie. Hoelank hierdie onthouding moet duur, hang af van die geval self. Salis hang ook af van die daaropvolgende houding van die persoon.

Gevra is, of sulke onthouding ook mebring, dat die gesensuurde sy stemreg verloor, en alle kerklike verkeer. ? (As dit 'n opsiener of diaken geld, kom die vraag, of hy in sy amp bly). Oor die sensuur oor opsieners word gehandel in 'n latere art. Die vraag van 'n gewoon lidmaat is, o.a. of hy stigulante vir sy kind aan ingaan by die woep, of hy kan deelneem aan kerklike administrasie, en of nie onder sensuur staan, is tydelik, ekkommuniseer, en moet dan ook tydelik as sodanig beskou word. Die tug ontseem tydelik alle kerklike voorregte. Anders word die regte beskou as sake, wat aillanklik is van kerklike gemeenskap, en die verkeerd. Die kerk is die openbaring van die liggaam van Christus.

Wie dus tydelik jaarbuite staan, kan jaarbuite geen reg uit oefen. Daar is wel ge-e, dat 'n kerkraad hiervan misbruik kan maak, om iemand b.v. van stemreg, of van funksie te onttroof. Maar dit mag natuurlik nie. Meer 'n mens, dat dit roodsaklik is, om van een of ander persoon ontslae te raak, dan moet da r anders teen hom o: etres word, maar nie met die kerklike tug nie. Sodanige middel is dus nie nodig nie. In die 16de en 17de eeu was die wel die gewoonte om 'n gesensuurede ook die bywoning van die diens te verbied, by die Kruiskerke. In 1571 het daarvoor 'n vraag gekom uit CentPart vras, art. 15. Laat dit aan die diskresie van die kerkraad oor. Die rede hiervoor is duidelik. Die Lekenomste van die kruiskerke was geheim; alleen vertroude kon toegelaat word. Was iemand gesensuureer, dan was hy eintlik nie goed vertroubaar nie. Die skerpheid om dieselfde rede, waarom in die eerste eeu die gesensuureerden en die katekumene van die eredienste uitgesluit was. Anders is daar geen rede voor nie, want die diens van die Woord moet ook dien tot uitbreiding van die gemeente. En die diens van die Woord is met oop deure. Die 'n openbare eredienst.

Indien die afhouding van die H.A. gesensuureerd doel tref, eld natuurlik art. 75, D.S.O., en word die gevallene met die kerk versoen. Anders moet voortgegaan word, en volg ten slotte die ekskommunisasie. Die afhouding mag, volgens die art., nie a natonds volg nie, er verskeie vermaninge moet voorafgaan. Dus moet nie in die begin al te kragtig op getree word nie. Voetius, Bk, 4, 910 - 915. By die kerklike tug moet altyd toegesag word, "Destine lente". In die tyd van Voetius was daar nog al te handel oor hierdie punt met die Labadists, wat van 'n ander gevoele was. Hul'e het juis gesien, dat daar groot baas nodig was, eigerlik, dat daar tussen die afhouding van die H.A. en die ekskommunikasie gear tyd mag verloop nie. Hul'e het self gesien, dat die ekskommunikasie moet toegesag word op byna alle lede van die Geref. kerke. Ook was in die beste kerk, volgens hulle beskouing, nouelike enkele gelowiges. Die kerkraade moes oorale alle lede, hulself inkluis, ekskommuniseer, en dan weer hier or daar een opvis, wat vir vol kon aangedien word. Hulle wou dus die kerk he, onder vlek of rimpel, en het gesien, dat die middel daartoe 'n volkome uiteensetting van alle kerke was. Na a leiding van daardie stryd skryf Voetius dan, dat die kerk sig nie moet haas met die tug nie, omdat op daardie manier wel verwoes kan word, maar nie opgebou nie. Ook herinnert hy daaraan, dat nie elke afwyking a:etond a:aleidig gee tit afhouding van die H.A. Hierdieelde beginsel le ook in die art., waar dit spreek van verskeie vermaninge. Hoeveel vermaninge, en met welke tussenpose, moet gedoen word, hang natuurlik af van omstandighede. Wel blyk uit die praktyk, (akta van kerkraade in 16de en 17de eeu), dat die tyd baie lank en die kerklike vermanings baie wa. In die gemeente van Amsterdam word in daardie tyd geen ekskommunikasie gevind nie, waarvan die 'n hele aertal vermaninge, versprei oor verskillende jare, voora:gegaan het nie.

Selfs by hardnekkigheid, as iemand die kerkraad nie sou ontvang het, as daar nog enige hoop was, dat die vermaninge aangeneem word, is die afwyding telkens weer uit gestel.

Vir die owerige bevat hierdie art. geen bepaling nie. 'n Prosesvorm word nie voorgeskrywe nie. Wel het die owerheid soms die een of ander bepaling gemaak, wat daardie inag moes geneem word. Die kerke het self het nooit 'n reglement gemaak nie, om die vorm vas te stel nie. Kerklike tug is nie sienel'le as burgerlike straf nie. By straf kan mens artt. maak; by tug nie. Die manier van handelir hang meestal af van die vraag, op watter manier die doeleindes van die tug die beste bereik kan word. Daar moet telkens met oordeel van onderskeid; a:andel word. Natuurlik nooit met onderskeid van per oog nie, maar wel met ondero:leiding van omstandighede. By geske aan voorskrifte, is daar meestal te werk gegaan, volgens die usansie van die Geref., wat onder leiding van Calvin en sy volgelinge, 'n sekere bestaansreg gekry het. Verder is daar enige algemene regule, wat algemeen en oorale geldig is. Tog is daar in hierdie opsig enige tekortkominge in die S.O., wat deur kerklike bepalinge enigens moet aangevul word, soos ook rekties is, b.v. dat op el nameerdere vergadering altyd oop bly.

Hiervoor moet natuurlik 'n tennyn wees. Vroeer het hiervoor die vaststelling meer klasklaal of provinsiaal gekied, teenwoordig is die Geref. generaal. Maar hoe meer aan die vryheid van die kerke oorgelant word, hoe beter. Die vaststelling van 'n generale punt, kan soms in 'n bepaalde geval tot onbillikheid lei.

Tog is daar wel enige bepaalde reëls te noem. In die praktyk word teen sulke algemene reëls gesondig, en dan werk die tug onder meer verkeerd. Dit kom, omdat die opalers sig lang nie altyd rekenskap gee van die beginsels van die tug, en dikwels in uiterstes, of onreinskundig te werk gaan. Voetius gee in sy boek, Pag. 918, 'n reël omtrent die orde, wat in ag geneem moet word by die toepassing van die tug tot aan die ekskommunikasie toe. Hy noem 9 punte, wat as soveel stadië is, waarby agtereenvolgens vertoef moet word.

1. is nodig ondersoek;
2. as die feit geblyk het, dan vermaning, berisping of afwyting van berou en, as dit nie help nie,
3. kennisgewing of konstatering van hardnekkigheid;
4. afhouding van die K.A.;
5. herhaaldelike vermaninge, en, as dit ook nie help nie, mededeling aan die gemeente van die lesuur, woorde die naam (waaruit volg, dat Voetius dit nie raadsaam ag, om die eerste afhouding van die K.A. aan die gemeente mee te deel).
6. mededeling aan die klasklaal, en die vraag, of voortgegaan kan word tot die afwyding, waarop die klasklaal dan deputate kan benoem;
7. die bekendmaking aan die gemeente, met byvoeging van die naam;
8. as dit ook nie help nie, dan, na enige tyd, die derde bekendmaking met byvoeging, dat, as dit ook nie help nie, tot die afwyding sal oorgegaan word;
9. die ekskommunikasie elf.

Al hierdie trappe moet altyd in deurlopende orde afgeleef het, en tot die volgende stap mag nie oorgegaan word nie, as die vorige nie afgeleef het nie. Alle toepassing van die tug, begin dus met ondersoek. Daarvoor gee Voetius 'n paar leerende wenke, Pag. 152, vv. 'n Onderzoek vind plaas, as by die kerkraad 'n afwyking van leer of lewe aangebring is. Maar dan alleen mag en moet die kerkraad optree, as die feit notoir en openbaar is, of, as by 'n feit wat nog nie openbaar is nie, die aandringer dit eers met broederlike liefde en vermaning beproef het. By 'n openbare feit kan daar geen sprake van wees nie, maar verreweg die meeste feite is nie openbaar mekens nie, en dan geld ook Matt. 18. Die broederlike vermaning kan natuurlik ook deur 'n ouderling of diaken gekied. Die elke klag mag aanstonds tot 'n punt van kerklike behandeling gemak word nie. Ook moet die kerkraad wel toesien, dat by oorgang van ondersoek, daat 'n bepaalde feit genoem is. Losse gerugte, ens. gee geen aanleiding tot kerklike behandeling nie. Dan sou vir kwaadsprekers die weg oopstaan, om andere op alle manier te beklad.

Die feit van kerklike behandeling gee dikwels 'n kwaadse naam. Op naamlose klagte mag daarom nooit ingegaan word nie, want alkeen is in staat om 'n naamlose klag te maak. Maar daar moet ook 'n feit genoem word. As iemand kom se, dat daar van iemand kwaadse gerugte rondloop, (b.v. dronkenskap), dan moet die kerkraad aan hom se, dat hyself daardie gerugte maar tot in die wortel moet naspeur. Wel kan sulke gerugte soms 'nleiding gee, dat die predikant of die opaler dan die saak ondersoek, maar dan doen die kerkraad dit nie. As daar geen feit is nie, dan beteken alle kerklike behandeling niks nie. Die feit moet dan ook behoorlik geformuleer word. Dikwels word daar oor iets gespreek, maar as mens vra, wat die feit is, dan weet baie dit nie. Daarom moet die kerkraad dan nooit andere dan skriftelike aanklagte ontvang. Anders kom daar allerlei soorte moeilikhede. Kom sodanige skriftelike klag in, en is, vir cover nodig, broederlike vermaning vooraafgegaan, dan moet die kerkraad tot ondersoek oorgaan. By die noem van 'n feit hoor natuurlik ook die naam en plek.

Te ook by afwyking in die leer, moet die uitdrukking geroes en gees word, waar en wanneer dit geësig is.

Vir die ondersoek kan mens iemand op die kerkraad laat kom, of die saak opdra aan deputate. Solank dit alleen 'n klag is, moet mens soveel moontlik vermy om die naam van iemand in gevaar te bring. Daarom is dit gewoonlik beter, om gedeputeerde te gebruik. Ook is dikwels meer dienstig. Die ondersoek moet so versigtig moontlik, so stil moontlik geësig, en met in agneming van die eer van die broeder, van die eer van die kerk, en van die eer van die Here. Dit sou juis hierteen stry, as die kerkraad, met veel beweging en al's kante tog 'n ondersoek sou gaan instel. Dit sou die goeie naam van die broeder skade doen. Voorts stry dit hierteen, as mens by die ondersoek nie alleen mense van die kerk, en buitestaanders sou hoor, maar ook allerlei slag van mense. Dis wel nie verbied nie, en die kerk, dat alleen lede van die kerk mag gehoor word, is foutief. Dis in die eerste plek te doen om waarheid, en dikwels kan dit selfs plig wees, om mense buite die gemeente te vra, natuurlik altyd onder verbandhouding, dat hulle gewillig is om om informasie te gee. Natuurlik geld dit nie van buitestaanders wat in kerklike sake bekend staan, soos b.v. kroeghouders in die geval van dronkenskap. Maar daar is ook wel altyd 'n aantal, waarop 'n mens kan afgaan. Dan natuurlik moet mens hul'e getuienis laat geld, vir sover mens daar waarde aan heg. Dit geld ook vir die lede van die kerk. Mens kan nie aan elke getuienis ewe veel waarde heg nie. Vervolgens is dit gewarlik, as mens telkens aan beskuldigde 'n getuienis meedeel, wat die ander gees het. So kan mens maklik die mense teen mekaar opsit, en brei die saak almeer uit. Soms moet mens dit meedeel, maar as dit nie nodig is nie, moet dit nagelaat word. Voorts moet in die oog gehou word, dat by alle getuies geen ander prikkel mag gebruik word nie, dan 'n beroep op die konsiensie, om die waarheid te praat. Vroer was dit wel die gewoonte om 'n 'n eed te neem, maar in ons tyd het dit onbruik geraak. Terag ook, daar dit meer op burgerlike terroir tuisheort. By lede van 'n kerk moet 'n eed nooit nodig wees nie. Aan wie buite die kerk staan, kan mens die eed nie ople nie. Word die ondersoek op daardie manier ingestel, dan sal mens dikwels nie tot 'n monklusie kom nie, as die beskuldigde onspreek, en as daar geen voldoende getuienis is nie. Dan moet die beskuldigde die voordeel van die getuienis kry. Om tot 'n veroordelende getuienis te kom, moet mens voldoende getuienis he.

As mens geen vante resultaat kry nie, dan moet die kerk die saak laat rus. As daar groot waarskynlikheid van skuld is, dan moet die persoon ernstig toegesprek word, dat voor God veine nie sal ba t nie. Sommige opsiensers meen, dat die kerklike behandeling altyd tot veroordeling of vrysprak moet lei. Is die onskuld blyk, dan moet die kerkraad sy bes doen, om die naam van die betrokke persoon te suiwer. Sommige meen, dat die beskuldiger dan moet veroordeel word, en onder skanduur moet geplaas word, . . Dit moet alleen geësig, as dit blyk, dat daar opsetlike lester in die spel was. By elke ondersoek, moet die beskuldigde genoegsaam geleetheid he om homself te verdedig. As dit nie kan nie, omdat die persoon siek of weg is, dan moet die saak solank opgeskort word. Onverhoord mag niemand veroordeel word nie. En dan moet so iemand goeie geleetheid he, om sig uit te spreek. Ook moet mens dikwels bepaalde vrae doen, en dan moet so iemand bowedien nog geleetheid he, om sig vry uit te spreek. Vroer het die kerkraad iemand toegestaan om 'n advokaat mee te bring, ('n mond), omdat baie mense nie wel ter tale is nie. Daurteen staan, dat, indien so iemand handig was, 'n gewone dorpskerkraad dikwels nie teen hom opgewas was nie. Daarom is dit in ons tyd in onbruik geraak. Tog sal mens dit in die reel nie mag weler nie, om iemand te hoor in die belang van iemand andere. Dit sal wel nie dikwels voorkom nie. Die uitslag van die ondersoek bepaal, wat daar in die volgende stadium moet geësig, b.v. vermaning. Ook as die ondersoek eindig met 'n "non liquet", is daar vir eintlike vermaning geen rede nie. Die ver-

Die vermaning is natuurlik onderkele van die algemene vermaninge, wat by alle geleentheid is. Hier is optake van 'n dissiplinere vermaning. Die vermaning het ten doel, om die sondaar te bring tot skuldbelydens, berou en verbetering van die lewe. Die wyse van vermaning is verskillend. Monakundige tak moet hier gebruik word. Indien die vermaning nie aanstonds help nie, moet sy hoe langer hoe strenger word. By voortgesette hardnekkigheid moet daar tot sensuur oorgegaan word. Wanneer dit moet gebeur, is nie van te vore bepaal nie. Sake hang ook af van die feit. By sommige feite moet mens reeds aanstonds, sonder vermaning daartoe oorgeen. Maar gewoonlik gebeur dit nie, omdat die eienskaplike rede van afhouding is, hardnekkigheid. Voorts kan daar nie van te vore gese word, of die vermaning moet gegee word voor die kerkraad, voor 'n kommissie of 'n enkele gekommiteerde aan die huis, deur sitasie, mondeling of skriftelik. Allerlei maniere kan gebruik word. Soms gee die beskuldigde nie eers geleentheid tot vermaning. Ook dan moet dit eger nie te gou op gegee word. Die opsigters moet probeer om iemand te wak, om hom indien moontlik, reg te bring. Mens moet nie te gou gaan heen nie, dat daar vir vermaning geen plek meer is. As afhouding van die H.A. (sensuur) geskied is, dan gaan die vermaning natuurlik voort. Die afhouding word natuurlik aan die persoon bekend gemaak. En dan moet mens beproef om die middel te laat werk. Dis goed, om in die kerkraad die saak telkens weer aan die orde te bring. Daar moet altyd by elke H.A. viering gevra word, hoe dit daarmee sit, as 'n prikkel vir die lede, aan wie dit opgedra is, om die saak nie te vergeet nie.

By die tweede periode van vermaning moet langer gewag word, dan by die eerste, omdat daar geen vrees meer kan bestaan vir die ontheiliging van die sakramente, of lastering van die gemeente van die Here. In die eeu van die Hervorming was hulle gewoon, om baie langesaam te wees, voordat tot die uiterste oorgegaan is. O het dit gebeur in die begin van die 17de eeu, met die woordvoerders en die leiers van die Remonstrante. Die kerkraad had al tydens die Arminianse stryd met hulle te doen, en het sig tot vermaninge bepaal. Na die Sinode van Dordt, 1618, het die kerkraad oorgegaan tot afhouding van die H.A. Maar ofskoon hulle hulself daar nie aan gesteur het nie, en maar voortgegaan het, om rekte te maak, en afsonderlik te vergader, het dit tog geduur tot die 31ste Desember, 1624, voordat hulle afgesny is. Die vermaninge het dus jarelank geduur. Voetius deel dit meer uitvoerig mee. En dit het nog wel in die Arminianse stryd gebeur! Die predikante moes natuurlik aanstonds gesuspendeer word. Die ekskommunikasie mag dus nooit in erns toegepa. word nie, as uitpraak terstond na die ondersoek. Dit moet altyd voorafgegaan word deur sensuur en vermaninge. Die Doperse was daar wel baie gou mee, maar iandeur word die kerk verwoet. Uitstel doen geen skade nie, as dit nie die gevolg is van slordigheid nie. Voorts kan die ekskommunikasie al een personeel geskied. Die Romee onderskei tussen "excommunicatio a jure et excommunicatio quae est ab homine". Dens die eerste word verstaan, die ekskommunikasie wat mens self op jou hals haal deur die wet self, omdat mens iets doen wat daarin verbied is; deur die tweede ekskommunikasie, wat op 'n bepaalde persoon toegepa. word. Ook onderskei Rome tussen "excommunicatio latae sententiae" (op die hals gehaal deur die bedrywe van 'n strafbare feit sonder feitelike uitspraak), en "conferendae sententiae" (deur iets te doen waarop die kerk ekskommunikasie bedreig). Eger, dit alles is nog geen ekskommunikasie. By wat iets bedrywe, waarop ekskommunikasie bedreig word, is wel "excommunicandus", maar nog nie "excommunicatus" nie. Tridaine skyn daarmee te stry, die akte vir die ondersoek van die dienare in 1619 was gestel. Daar staan in: "op poene dat wy ipso facto van onse dienst zullen zyn gesuspendeert". Tog kan die bedoeling nie sene nie, dat die feit, dat iemand sig nie onderwerp nie, op sigself reeds die vonis van suspensie sal wees. Dit sou ongeryad wees.

Die diens wat afwyk, sal nie baken dat hy / suspendeer is nie. Van wie moet dan die beslissing kom? In Gemeentelid kan dit ook nie doen nie. Daar is kerklike uitspraak voor nodig. Die uitdrukking is dan ook in Latyn enigins anders, n.l. "sub poena, si contrarium a nobis fiat, ipso facto a muris nostris suspendamur". Hier staan die praesens en nie die perfectum nie. Die Koloniale is nie heeltemal juist nie. Die Formulier is uit bestaande Formulier saamgestel. En daarin het dit ook anders ontstaan; dat hy nóg sal gesuspendeer hou, d.i. sy dienswerk tydelik sal staak. Hier is geen sprake van kerklike vorms nie. Waarskynlik is dit ook die bedoeling in die Dordtse Formulier. In die Zeeuwse formulier staan; op poene om als skeurmakers gesensureer te word. In die Calderse formulier staan; "dat ons wederom op die oordeel van die klassis of die sinode sal gesuspendeer word". Waarom nie een van hierdie uitdrukkings gevolg is nie, is nie heel duidelik nie. Die Formulier is snel afgewerk, en die opposisie het sig vermaaklik op die ander punt gerig; "volgens die vorm, wat daarvoor in Gods Hoofd voorgestel is". Dit is in 1586 in die K.O. gekom. Wat die formele kant van die ekskommunikasie betref, het die Geref. alle seremonie verniet, wat deur die Rooms kerk daaraan verbind is. In die Geref. kerk word mens bepaal by die R.S. alleen. Maar ten aanzien van die woorde van die ekskommunikasie, het die Geref. kerk dit nie vrygelat nie, watter woorde sal gebruik word. Voetius se terug. Bk. 4, pag. 920, "dat mens by die ekskommunikasie nie kan volstaan met 'n algemene frase nie, maar dat a'hang van die omstandighede". Mens kan daar seer onderskeidelik te werk gaan; verskillende voorstelle kan daarby plaasvind; ook kan mens aan 'n ander kerk kerks moet tuur, en dan moet daar 'n formule wees. Ook moet die geëkskommuniseerde alle reg van appel he, en daarvoor is vorm nodig; een vir die gemeente, een vir die bepalende sinode wat bedryf is, wat daarin gelas word, en wat moet op gestel word deur die kerklike vergadering, wat die uitspraak doen. Die geëkskommuniseerde moet daar 'n afskrif van kry. Mens moet daar dus goeie sorg aan bestee. In die notule boek moet staan, dat dit deur die kerkraad goedgekeur is; ook moet aan die gemeente die korte inhoud meegedeel word. Die algemene formulering is gekied deur die kerk in die formulier van die ban. Reeds by die redaksie van die K.O. van 1571 is daaromtrent aanwysinge gegee, deurdadig in art. 31 (77 van ons redaksi) gegee is, dat by die ekskommunikasie die dienaar die wese van die ban sal verklaar, en die gemeente sal vermaan, om geen noue gemeenskap met die afgesneiene te he. Daar het dus nog geen formulier bestaan nie. Dathet het wel gesorg vir formuliere, maar nog nie vir die ban nie. Die volgende sinode van 1578 het ook geen formulier opgestel nie. En dit het ook nog nie bestaan nie, want in art. 97 is die Emdense formulering nog woordelik oorgeneem. In 1581 het uit Zeeland gravamen gekom met die vraag, dat 'n sekere formulier vir die voorstelling en die ban sal opgestel word. Toe het dit dus nog nie bestaan nie. Die Middelburgse sinode het toe op daardie gravamen aan 'n woorde voldoen, maar nog nie deur liturgiese formulier op te stel, maar deur, as antwoord op die vraag, 'n soort model aan die kerke aan te bied. Indien die kerke dit sou aanneem, dan sou die ekskommunikasie met daardie formulier gekied. In art. 62, Middelburg, (ons art. 70) het die weerneming gekied volgens "die formulier, wat nou by die gemeente aangenem is". Dit sien nog nie op 'n kerklik voorgestelde formulier nie, maar dier op die kerke, wat die Middelburgse model aangenem het. Die ander had tog in ieder geval 'n antier formulier, en die uitdrukking beteken dus, dat daar 'n bepaalde formulier moes gevolg word. Eers in 1586 is daar 'n algemene formulier voorgeskrywe; Art. 14 gravamina; "of dit goed is, om 'n sekere formulier te gebruik by die ban en die weerneming, waarby gelet moet word op die model van Middelburg, omdat by baie daardie formulier nie praktiekabel is nie". Hoogswaarskynlik het die sinode daaraan voldoen, en die formulier opgestel vir die weerneming, en ban, en bevestiging van dienaars van die Woord, ouderlinge en diakens. In die K.O. van 1586 staan in art. 62 (ons art. 76) geheel dieselfde uitdrukking, as by ons.

komme lei daaruit af, dat die formulier dus al voor 1588 bestaan het. Tog is dit byna seker, dat daardie formuliere deur die Haagse sinode ontwerp is, en voorgestel. Die grond vir hierdie mening is breed ontwikkel in die "Postscripta", p. 900, waar aangetoon word, dat hierdie uitdrukking dikwels gebruik word deur die formulier, wat so pas op die sinode self gemak is.

Die gronde vir hierdie mening is :-

a. Voor 1588 is daar nersens sprake van die formuliere van die ban, en die wederopneming, en ook nie vir die bevestiging van die dienaars ouderlinge en diakens nie. En dit geld tog kerklike formuliere, vir die openbaar bestem.

b. Ons formuliere kom eers voor in 'n uitgawe van 1590. Dat hulle dus tus. en 85 en 89 voorgekom het, nie, kom daarvandaan, dat die besluite van 1588 grotendeels in geheel nie, anderdeels eers na lange tyd uit gevoer is. Kort na die sinode het die konflik tus en kerk en staat uitgebreek, waarvan die gevolg was, dat die sinode van 1588 nie daardie invloed had nie, wat sy eintlik moes he.

c. Dit die gravamen wat by die Haagse sinode ingekom het, blyk dat voor die tyd die formuliere nog nie bestaan het nie. Die Acta van die Haagse sinode is verlore gegaan. Die Skriba, Helmichius, het hulle gemak met groot ywer en trou, veel vollediger en reukvoller, dan enige van vroeëre sinodes. Maar reeds in die begin van die 17de eeu was hulle verlore. Die Amsterdamse Kerkraad het daar toe oorsake na gesoek. In 1618, toe die notule moes gelys word, het ook geblyk, dat niemand geweet het waar hulle was. Dientengevolge went ons vir die besluite van daardie sinode weinig ag. Wel is daar nog ekstrakte van enige besluite en opskrifte van kerkordinge.

By ekskommunikasie is natuurlik ook daardie formulier gebruik. Maar ook moet hierby die rede, waarom? Mens kan dit in die formulier self met 'n enkele uitdrukking irras, of ook 'n afsonderlike stukkie opstel.

In art. 76 staan nog; "maar niemand sal a'geeny word, dan met voorgaande advies van die klas is". Hier le in, dat die advies toestemmend moet wees. Aan die bepaling word nie vold en nie, as die kerk advies vra, en dan eenvoudig haar sie weg gaan. Dis nie om enige inbreuk te maak op die vryheid van die plaaslike kerk nie, want die kerke het self onderling ooreengekom, om hierdie reël te stel.

Die bepaling is gemak, om alle misbruik van tug soveel as moontlik te voorkom, en opdat daar soveel moontlik gelyksaamheid sou wees. Veral in kleiner kerke loop mens soms gevaar vir eenzijdigheid. Ook kan persoonlike of plaaslike motiewe meewerk.

Wat moet hierdie advies van die klas is wees? As 'n kerkraad men, dat hy moet ekskommuniseer, dan moet hy die saak op die klas is bring, en advies vra. Hy moet die feite, die ondersoek, en die resultate, die bewyse, ons aan die klas is voorle. Natuurlik kan die klas is ook vrae doen, b.v. of die persoon lank genoeg vernaan is, ens. En dan moet die klas is adviseer. Maar nou is wel eens gestel, dat die klas is self die saak moet ondersoek, deputate benoem, om die saak te ondersoek, en dan op die volgende klas is te rapporteer. Dis is bepalings dat die klas is n.l. die werk moet doen, wat die kerke moet doen. Dan sou die klas is doen, alleen wat sou te pas kom by die appel. Maar by die advies, moet die klas is eenvoudig die voorstelling van die kerkraad aksepteer, tensy daar bepaalde redene is vir die teendeel. Sy moet nie die feite self ondersoek nie, maar oordeel, of die feite self oorsaak gegee het tot ekskommunikasie. Daarom moet ook altyd in dieselde klas is die advies volg. Juus omdat die advies sig daartoe bepaal het, is dit geen uitspraak in die saak nie self. Die advies van die klas is is bepaald formeel van aard. Voorts is nie by elke toepassing van tug, die advies van die klas is te vra nie, maar alleen by ekskommunikasie. omige kerkrade wil altyd graag die verantwoordelijkheid op die klas is werp. Dit mag egter nie.

ARTIKEL 77. Aleer mens, te afhouding van die H.A. en die da'rop nog volgende vermaninge, tot die afsonding kom, sal mens die hardnakkigheid van die sondaar openlik aan die gemeente te kenne gee, die sonde verklaar, mitsgaders die naratigheid aan hom bekys, in die bestafing, afhouding van die H.A. en menigvuldige vermaninge, en sal die gemeente vermaan word, om hom aan te spreek, en vir hom te bid (1) Soderige vermaning sal daar driemaal geskied. In die eerste sal die sondaar nie geroem word nie, opdat hy enigins verskoon word. In die tweede, met die advies van die kerk, sy naam uitgedruk word. In die derde sal mens aan die gemeente te kenne gee, dat man hom, (teny hy hom bekeer), van die gemeenskap van die kerk sal afson, opdat sy afsonding, so hy hardnekkig bly, met stilswyende bewilliging van die kerk geskied. Die tyd tussen die vermaning sal in die oordeel van die kerkraad bly.

Die woord, "der kerken", tot tweemaal toe gebruik, is 'n genitivus sing., soos blyk uit die verband. Daer kan geen sprake van wees, dat die ander kerke stilswyend moet bewillig, anders moes die afkondiging in alle kerke geskied. In die 17de eeu was die gen. sing. met 'n "n" aan die end baie gebruiklik. Telkens moet uit die verband opgemaak word, of dit 'n sing., dan wel 'n plur. is, wat gebruik word. Ook blyk uit die of isale vertaling van die Frans en die Latyn, gebruik in 1571 en 1588.

Uit die begin van die art. blyk dat art. 76 veranderetal word. Die mening is onjuis, asof die drie trappe, waarvan hier gesproke word, art. 76 die eerste sou wees. Art. 76 is nie die eerste trap van Art. 77 nie, want daartoe word nooit oorgaan nie, voordat die persoon menigmaal bestraft is, van die H.A. onthou, en verma n. By die eerste kennigewing aan die gemeente moet mens dit alles reeds kan needed. Art. 77 het drie trappe. Enigins le daar ook in, dat nie elke afhouding van die H.A. aan die gemeente moet bekend gemaak word nie. Wel moet dit gebeur, as dit kom tot afsonding. Maar by die afhouding van art. 77 76 gaan mens dit nog nie bekend met die vermelding van die naam.

Die inhoud van die art. is reeds afkomstig van 1571. Daar was in art. 51 reeds dieselfde bepaal, en met byna geheel dieselfde woorde, en hierdie art. het, soos die meeste ander artt. oor die tug, in die loop van tyd feitlik geen verandering ondergaan nie. Reeds in 1588 88 is die saak bespreek op die uitkomst te Bezel, waar besonder nadruk op die kerklike tug gele is, cap. 3, K.O. van 1588.

Ook op die Embdenese sinode het die kerklike tug van die hoogste gewig geg. , soos o.a. blyk uit die antwoord van die sinode op die Part. vraag uit Aken en Keulen, vgl. art. 11, waarin gesproke word van 'n geval waarin ekskommunikasie gedreig het om groot skade te doen, aangezien die man gedreig het om die kerk te verkeer. Die sinode het geoordeel, dat dit wel rede kon gee, om nog wat uit te stel, maar daar moes ook gesien word op die noodsaaklikheid van uitsluiting, wat nie versuim nog word nie. Daeruit verklaar sig ook dan enkele bepalinge van latere sinodes, b.v. van die provinciale sinode van Dordt, 1579, art. 75, waar gehandel word oor die persone, wat lede van die gemeente is, maar wat nie gereeld na die H.A. kom nie, of ander verdenking staan van leer en lewe, maar waarin gese word, dat mens nie ligvaardiglik tot ekskommunikasie sal kom nie. Dit toegr toon die hoog ernstige van die saak. Art. 77 is nie maar 'n burokratiese maatregel nie, maar die 'n uitsluiting, wat gese is deur 'n uitsluiting uit Gods Koninkryk. Swaar is die bepaling van dieselfde sinode, van 1579 in art. 82, dat mens met diegene wat enige berou toon van groewe sonde, nie adellik sal oorgaan tot ekskommunikasie, in 'n antw. op 'n gravamen uit die klas is van Welcheren, of die tweentyd tussen die vermaninge ook moet onderhou word in die geval van overapel, en of mens dan nie onmiddellik mag kom tot ekskommunikasie. Dit mag nie, omdat ook so by die allerergste sondes die sondaar tot berou kan kom, en dan kom daar geen ekskommunikasie te pas nie.

Dieselfde is gese deur die sinode van Dordt, 1578, waar gevra is, of mens die vrouens-verkragters en doodslagers, hoewel hulle tot bekering kom, nogtans om die groetheid van hulle sondes nie sal afsony nie. Geantwoord is, dat mens geen nootvaardiges sal afsony nie, maar wel enige tyd kan die K.A. sal alhou, om die groetheid van hulle sonde te betuig, en die ergernis weg te neem, en ook anders te laat vrees, en om die boetvaardigheid van die sondaar self te beproef.

Hierdie sinode, en ook die van 1582, het die art. ongewysig oorge-nem., behalwe dat 1581 dit uit die K.O. oorgebring het na die ant-woorde op die Part. vrae, ewes nog meer dinge, om des te eerder die politieke approbasie van die K.O. te verkry. Die bedoeling was dus volstrak nie, om hulle byte werking te stel, want hulle het kerklike besluite gebly.

Die materiale verandering van 1581 was, dat die advies van die klassis daar nou ingebring is. Voor hierdie tyd kon dit maar moeilik gebeur, aangesien die K.O. toe nog maar weinig georganiseer was in klassies. By die redaksie van 1583 is die art. teruggebring in die K.O., toe die kerke gemeen het, ekm. vry seker te wees van politieke approbasie. Verder is die art. gelat nes dit was.

In 1619 is daar geheel nie oor gehandel nie.

In hierdie art. is vry duidelik die gang van sake by ekskommunikasie beskrywe. Opgemerkt moet word, dat selfs by die derde trap van ekskommunikasie nog nie dadelik voltrek word nie. Eers vind daar nog die derde bekendmaking plaas, en as die sondaar sig daarop nie bekeer nie, dan pas volg die ekskommunikasie. Die derde bekendmaking beteken dan ook 'n kennisgewing, dat, indien so iemand sig nie sal bekeer nie, dit tot uitsluiting sal kom. En as die ekskommunikasie dan geskied, dan word die formulier gebruik. Die formulering van die bekendmaking aan die gemeente moet die kerkraad opstel, liefst so kort moontlik. Eers na die derde verneming of bekendmaking kan die ekskommunikasie volg. Maar dan moet daar nog selfs enige tyd tussen in verloop.

a. omdat die eerste bekendmaking miskien nog enige effek het. Daarom moet die afgewekene kennis kry van die bekend-making, hetsy mondeling, hetsy skriftelik. Die laaste is altyd die mees gewenste weg, omdat da'r dan nie misverstand kan kom nie.

b. Die bekendmaking moet geskied ten einde met stilswy-ende bevestiging tot ekskommunikasie oor te gaan, en dan moet die gemeente ook tyd he, om besware in te bring.

c. Dit geskied ook omdat die excommunicandus geleentheid moet he, om by 'n meerdere vergadering in hoër beroep te gaan., as hy dijs wil. In daardie tyd bly hy van die K.A. afgehoue, Maar voor 'n mens tot afsonyding kom, moet ook blyk, dat hy nie in hoër beroep kom nie. Die tydsbepaling is in algemeen gestel, dat mens tyd mag he, om te appelleer tot die oorkomende klasie. Iemand kan nie "ad infinitum" geleentheid het om te appelleer. Dan sou sy waniis nooit ingaan nie. By so'n appel word die vormis geheel nie geprae-judiseer nie deur die advies, wat die klasie vroeër gegee het, want nou moet die klasie die sak self ondersoek. Daar is nog 'n rede. Dit kan ook gebeur, dat iemand wat die kerkraad van plan is om te ekskommuniseer, sig vrywillig van die kerk afskei.

Moet zoderige mense dan eekskommuniseer word?

Hierdie vraag kan ook uitgestrek word tot diegene, wat sig ook om ander redes van die kerk wil afskei. Hieroor is wel eens anders ge-dink as nou. In die 17de en 18de eeu was hulle gewoon, om die wat sig afskei, (gewoonlik omdat hulle booms of oppers geword het), formeel juis daarom te ekskommuniseer.

Natuurlik is eers gehandel met diegene wat daartoe naliging getoon het. Maar as niks gehelp het nie, en hulle hul tog by 'n ander kerk, of 'n sig afskeidende groep gevoeg het, dan is hulle in die ban gedoen. Daar was egter geen vaste reël nie.

Rome is die feit onvoudigwa, gekonstateer. Maar daar is wel 'n aantal gevalle, b.v. van P. Berlin, 'n heftige Arminiaan, regent van die Statekollege te Leiden, na die neerlag van die Armiaane na Parys gegaan het, en Rooms geword het. Hy is in die bar gedoen. In die 16de en 17de eeu het tog daarom wel die reël gegeld, dat die kerklike tug alleen gaan oor die Ceref., en nie oor diegene, wat buite die kerkverband staan nie. Dit was in 1581 al uitdruklik uitgesprek deur die State van Holland, en die kerke het altyd gese, dat hulle dit so bedoel, b.v. Trigland in sy Kerkhistorie. Dat die State van Holland dit nog 'n maal gestipuleer het, het gekom uit vrees vir die poginge om, soos in Geneve, kerk en Staat te verenig, dat iemand geen staatsburger kon wees nie, sonder ook aan die kerk te behoort nie. Maar die kerk het daarby gestel, dat iemand wat sig afskei, sondig, as wat hy nog in die kerk is, en dat hy daarom onder die tug val. Sodanige persone was dan ook niegewoon nie, om hulself formeel af te skei. In later tyd het dit meer gewoonte geword, om ook formeel sig af te skei. Dan ontbreek alreede vir kerklike tug, en as mens dit dan tog wil doen, dan kon hy moontlik in botding kom met die strafregter. As iemand sig skuldig van die kerk af geskei het, mag die kerk in die openbaar nie formeel ten nadele van hom se nie, wat ook onder die strafreg staan. Maar buitendien, niemand kan gedwing word, om tot 'n sekere kerk te behoort. As iemand sig nie formeel afskei nie, dan is daar nog tot tug. Oor die formele afskeiding bestaan daar verskil. Iemand kan deur woord en daad so duidelik toon, dat hy nie meer by die kerk behoort nie, dat mens dit wel moet anvaar. As iemand die opniemer nie meer assondig wil hoor nie, kan 'n mens alleen konstateer, dat hy homself afgeskei het. Dus is daar nie altyd skriftelike kennisgewing nodig nie. Aan die gemeente word eenvoudig medegedeel, dat N.N. sig aan die toesig van die kerk onttrek het. Die mededeling moet dan altyd bly buite ander kwalifikasie. Al so iemand, wat in behandeling was, later weer toetree, dan sou die naak later weer verder moet behandel word. Dit nie oorbodig om daaraan te herinner, dat die kerkraad sodanige stap, as sig te onttrek, volstrek nie in die hand moet werk nie, of dit stillwyend laat verbygaan. Daar is wel eens 'n neiging, om maar bly te wees, as iemand sig wil onttrek. Natuurlik is dit die maklikste weg. Maar mens mag nooit bly wees nie, as iemand sig aan die gemeenskap van die kerk onttrek. Dit moet altyd soveel moontlik tegehou word, al weet mens, dat hy van so'n persoon las sal he. In hierdie art. het in die eerste redaksie ook nog gestaan, wat dan die effek is van die sodanige ekskommunikasie, n.l. dat die lidmate al te noue kommunikasie met hom moet he nie. In die volgende redaksies het dit bly staan, tot 1586. Tereg is daaruit gehaal, omdat dit in hierdie art. nie tuis behoort nie. Die K.O. is nie die plek daarvoor nie. Bewedien het die sinode van 1586 'n formulier van bar opgestel, en het toe daarheen oorgebring, alles wat die dienaar die gemeente moet herinner. Daar die ekskommunikasie word verklaar, dat die afgesnede staan buite die Verbond. Volgens sijn hierteen, wat uitgegerek is in 1578 en 1588. Maar daar is geen sprake van die afgesnede self nie, maar van hul'e kinders. In art. 27 van die part. vrae het die sinode van 1578 geantwoord op die vraag, of mens ook die kinders van afgesnede sal doop. Daarop het die vergadering "ja" geantwoord, omdat hulle nie buite die verbond staan nie. Dieselfde het die sinode van Middelburg geantwoord, in art. 91 van 1581, waar die vraag gelui het, of die kinders wat gedurende ekskommunikasie verwek is, buite die verbond is? Die antw. hierop was "nee". Van die afgesnede self kan dit wel nie gese wees nie, omdat die afsondering juis daarin bestaan, dat iemand geplaat word "extra communionem". Moties word deur die twee sinodes nie aangevoer nie. Later het die kerke dit wel eens anders geoordeel. En nie ten onregte nie. As die afgesnede moet gehou word vir heidens en tollenaars, dan kan die kinders tog wel nie verbondskinders wees nie. Daar kan natuurlik nie teruggeantwoord op grootouers nie. Die kind behoort aan die ouers.

Indien beide ouers buite die Verbond staan, dan kan die kind natuurlik nie gedoop word nie. Die Roomse kerk doen dit wel, maar die Roomse reken die doop dan ook nie tot die Verbond nie. Die ouers bly tuis, en die getuies kom na die kerk, om die kind te laar doop. Die getuies doen belydenis vir die kind, en kom heeltemal voor in die plek van die ouers. Daar kan mens dus maar elkeer doop, as daar maar net twee getuies bykom. Die afgesnede moet gedink word as staande buite die Verbond. Dit blyk duidelik uit die H.S. b.v. Gal. 3;12; I Kor. 5;2,5, I Tim. 1;10, Rom. 9;5, I Kor. 6;2, Titus 1;10. Het hierdie afwyding ook die effek, dat so iemand ook buite die Koninkryk van God te staan kom? Dis 'n ander vraag, en kan ook nie met daardie woorde uitgesaak word nie. Antw. 95 van die Kategismus wil nie se nie, dat die uitspraak op aarde effek het op die uitspraak van God in die Hemel, maar, dat die opsiemers, as hulle uitsprek, uitsluit, wat God reeds uitgesluit het. Daarom moet by die opsiemers die betref lewendig wees, dat die afgesnede geag moet word, nie tāt die Koninkryk van God te behoer nie, anders moet mens iemand nie ekskommuniseer nie.

Natuurlik word die samekomste van die gemeente in die openbaar gehou, en daar kan dus ook afgesnede kom. Dat dit tydens die eerste eue, en ook tydens die vervolging in die 18de eeu anders was, het voortgespruit uit praktiese oorsake. Die byeenkomste van die gemeente was toe geheim, terwille van veiligheid. As iemand wat afgeony was, die byeenkoms van die gemeente kon bywoon, kom hy daar natuurlik nie as gemeentelid nie. Wat is die effek van die afwyding op die daadlike lewe? Daaroor verskil die Geref. en die Roomse enereyds, en die Doperse andersyds.

Die Duitse uitgawe het 'n groot aantal drukfoute. Bowendien is een alinea weggelaat, en op 'n ander bladsy word van die weglating rekenskap gegee, waarby Calvyn berokuldig word van viervoudige kettery. Die weggelate bladsy bevat 'n koet uitwyding oor die al of nie noodsaaklikheid van die doop tot saligheid. In die Interim was gestel, dat die doop noodsaaklik was tot saligheid. In sy kritiek op Calvyn, dat daardie stelling moes weggehoor word, want;

a. dan word die heil van die siel aan uitwendige handelinge verbind.

b. daardeur word te kort gedoen aan die belofte van God vir die kinders van die Verbond, asof die belofte van die Here nie genoeg sou wees nie, as daar nog iets uitwendigs bykom. Die, se hy, die grond van die kinderdoop, dat hulle al tot die liggaam van Christus behoer. Die teestaanders doop dus feitlik diegene, wat nog vreem is aan die liggaam van Christus, en dit mag nie. Wat Calvyn hier oor die grond van die kinderdoop se, vind mens feitlik van die begin af aan, b.v. in sy Institusie, maar in hierdie skrif het hy dit vir die eerste keer so klaar en helder gegee. Dis uit die Duitse edisie weggehoor, omdat dit nie geval het in die kader van die Lutherse leer. Die Lutherse heg aan die sakrament 'n soort magiese krag. Aan die end kom 'n soort naderig van die drukker; "typografus ad lectorem". Dis duidelik dat dit van 'n teoloog is. Sāe die outeur is, weet ons nie. Volgens sommige is dit Placcius Illyricus, een van die woordvoerders van die uiterste Lutherane. Hy se, dat toe hy hierdie boekie op raad van sommige weer gedruk het, dat hy onder die korrigere "gemerk het, dat daar 'n erge pelagianiese dwaling in gestaan het, n.l. dat die gelowige ouers 'n heidense kroos voortbring, en dat 'n nog nie gebore kroos reeds verkore is ten lewe". Vra mens, waarom vir die kinders, wat reeds in die skoot van die moeder beilig is, dan nog die wedergeboorte geais word, dan antw. Calvyn volgens hierdie raamloze, dat die kinders alleen gedoop word, om ingelyf te word in die liggaam van Christus, waartoe hulle vroer al behoer het. Weet hy dan nie, wat uit vlees gebore, vlees is, en dat ons van nature kinders van die toorn is?

c. Die dwaling bestry die gewoene, dat dit verkeerd sou wees, om kinders wat vreem is, aan Christus te doop. Ons is tog van nature almal vreem aan Christus. Die gewoene het die medosynneester nie nodig nie, maar diegene, wat siek is. Voorts moet daar aan Turke, en Jode die dop gewaier word. En wat word dan van die kinders van die

d. Die vierde dwaling van Calvyn sou wees, dat vrouens nie mag doop nie. Hy voeg daaraan toe, dat in dieselfde boekie Calvyn se, dat in die doop, die vergewing van die sondes ons versagel word., en dat by die doop ons Christus aandoen. Dis heel goed, se hy, naer daarom hou ek dit daer voor, dat hierdie bladsy nie van Calvyn is, en daarom het ek dit daar gelaat. Natuurlik is Calvyn al spoedig opmerkzaam gemaak op hierdie duitse uitgaaft, en het aanstonds 'n antwoord gepubliseer, : Appedix ad libellum Interum. By die volgende uitgawe is die Appedix daarby gedruk. Daarin het Calvyn kortalies die valsheid van die beskuldigings teen hom, in die lid gestel. Hy se, dat hy in 1560 met die boekie kennis gemaak het, en gomerk het, dat dit seer bedorwe was. Hy se;

a. dat die drukker weinig weet van Pelagianisme. Weet hy dan nie dat die Pelagians die kinderdoop verwerp, omdat dit nie die erfsonde en erfskuld hely. Volgens hulle is die kinders soos blanke papier. Calvyn erken agter wel deeglik die erfsonde. Alleen stel hy, dat hulle ook deel het aan die Verbond, . Daar sou selfs geen sprake van kan wees nie, as hulle geen skuld gehad het nie. Ek glo, se Calvyn, dat die man maar eens gehoor het dat daar so'n ketter was. Dan bereep hy sig op die H.S.b.v. op Gen. 17;7, I Kor.7 (die kinders deur die ouers geheilig), en daarna stel hy in die lig, hoe die saligheid van die diel nie aan uitwendige handelinge kan hang nie. As mens, se hy, dan ook moet ontken, dat wat uit die vlees gebore is, vlees is, dan is dit ook onwaar. Ek erken ten volle dat die kinders die ewige dood skuldig is, maar ewes, dat hulle in Christus tot die ewige lewe aangenem is, en se ek dan, dat hulle op grond daarvan tot die doop toegelaat word, en die sennor verwerp dit, wat antwoord hy dan aan die Wederdopers, wat se, dat volgens Matt. 28 die volke sere moet onderwese word?

Of mens ook Turke en Jode kan doop?

Ja, alleen as hulle tot die geloof behoer.

Of ons dan gern kinders van die Roomse doop nie?

Ja, want ons sluit hulle nie buite die verbond nie.

Of die kinders, as synde geheilig, die Mediaymeester dan nie nodig het nie? Dat die kinders in Christus geheilig is, wil nie se nie, dat hulle dit feitelik ook al is, maar dat hulle dit nog maar is, uit krag van die belofte, en dus nog deur Christus ook moet geheilig word. Die saad moet tot ontwikkeling kom.

'n Tweede deel in hierdie art. stel, dat attestasie gegee word, met advies van die kerkraad. Dit het daar van die begin af aan ingestaan. 'n predikant mag nie alleen attestasie afgee nie, of ook wel 'n ouderling. Dit sou wel 'n saak van die predikant of ouderling kon wees, as die attestasie alleen 'n kerklike verhouding was, soos dit in die kollegiale stelsel grotendeels is. Maar van Geref. standpunt is dit nie so nie. Daar is dit alom 'n getuenis, waarop 'n mens in 'n ander kerk kan toegelaat word. Essensieel is dus die getuenis oor belydenis en wandel, en daarvoor moet die hele kerkraad oordeel. In die eerste tyd het dit nogal gebeur, dat 'n attestasie afgegee is, sonder dat die hele kerkraad daarvoor oordeel, omdat haas was by die vertrek. Maar dit het gekom onder besonder te

Reël was dit nooit. Jou staan daar in die art. wel nie by nie, dat die gemeente ook haar oordeel daarvoor moet he nie, maar dit vloei voort uit die Geref. beginsel van die reg van die meerderheid. Alle handeling van die kerkraad wat 'n enig belang is, moet met goedkeuring van die gemeente geskied. Uitgesluit is puur formele sake. En ook die dissipline in die eerste stadium. Daarvoor moet die attestasies openlik in die kerk afgelees word. Onder die kruiskerke het dit natuurlik baie te wense oorgelaat. Al so moet toe versy word, wat tot publisiteit aanleiding kon gee. Die attestasie aflering is geen kernligging aan die gemeente nie, maar 'n voorspelling aan die gemeente, waarop antwoord kan volg, en dit word afgelees, om te weet, of die gemeente daar ook enige beswaar teen het. Kom daar besware voor, dan moet die ondersoek word. Daar moet dus na die aflees altyd 'n dag of drie tyd gegee word, vir die indiening van die besware. Dit gebeur nogal nou en dan, dat mense terstond hulle attestasie wil he. Daarom mag die kerkraad nie voldoen nie. So 'n attestasie kan ook maklik agterna gestuur word.

Ad c.

In die derde plek is die art. , dat die attestasie moet gegee word, onder die seal van die kerk., of deur twee onderteken. Die bedoeling waarvan is, dat die attestasie behoorlik gewaarsmerk moet wees. O Dutyds was die reël die enige waarmee k wat gebruik is, so is die vandag meer geboek word in die handtekening. Dit was vroeger ook wel gebruiklik, maar het lank nie altyd gebeur nie. Ou Acta stukke het almal wel 'n seal, maar slegs nie altyd 'n handtekening nie. Daar is wel een uit afgelei, dat sulke mense nie k r skrywe nie, maar ten onregte. Ook die meeste kerke had 'n seal. Oor daardie seels is daar 'n verhandeling van Prof. Kist van Leiden. Daaruit blyk, dat baie kerke diezelfde seels had, b.v. "lilium irte spinas" in later tyd het dit meer gebruiklik geword, om stukke van enige betekenis deur handtekening te waarmark., en daar dit in art. 81 oor die waarmark te doen is, het ons hier te dink aan die handtekening. Liefde moet attestasies onderteken wees deur twee persone. Dit word soms uit die oog verloor. Die reël is (gees onder b.). Eintlik moet daar getuionis gegee word van hulle wandel. Die belydenis is daarvoor begrepe. In hierdie opsig moet die attestasie in ooreenstemming wees met die waarheid. Daar is geen vaste formule voorgeskrywe nie. Daar moet in staan, dat iemand oergerlik, onbesproke en goddelik is in wandel. As dit nie kan getuie word nie, dan hoef die kerkraad nog geen attestasie te seier nie. 'n Getuieris hoef nie juistig te wees nie. Ook as iemand onder struikel gaan, dan word die attestasie gegee, maar van die censuur word daarin melding gemaak. Kom so iemand met sodanige attestasie by 'n ander kerkraad, dan moet die weet, wat hy moet doen. Dan moet die hom onder oë neem. Dit kan ook gebeur, dat iemand eers attestasie o vra, en hy al lank weg is, sodat daar lank die tyd niks meer van hom te se is. In elk geval, mens mag nooit attestasie seier, maar 'n attestasie moet die waarheid meld. Daar is ook nog 'n ander soort attestasie, dan waarvan hier gemaak word. Daarvans word die dan attestasies genoem, atteste genoem. Hierdie twee woorde is alleer deur spraakgebruik onderskei. Atteste omtrent belydenis en wandel, word o kerklik gebied ook afgegee aan dienaar van die oord, wat van die een kerk na die ander vertrek. Hierin moet ook spesiaal gesprek word van die aanbeveling. So is daar ook atteste nodig vir studente in die teologie, wat hulle aanmeld vir die amptbediening. So kom ook meermal voor dat aan dienaar of lede vir een of ander doel, 'n aanbevelingskrywe aan die kerke negegee word, b.v. vir die versameling van gifte. Dit is es hoof natuurlik nie in die K.O. te staan nie. Die kerkraad ontlaan sy mag nie aan die K.O. nie, sodat sy niks sou mag doen wat nie in die K.O. staan nie.

Artikel 83.

Vooru sal aan die arme, wat om genoegsame oorsake vertrek, deur die diakens reisgeld gegee word, na wat na hulle oordeel behoorlik is. Die kerkraad sal egter toedien, dat hulle nie te seer genees is, om hulle kerke van die arme te ontlaas, met wie hulle ander kerke sonder enige nood sou beswaar.

Hierdie art. voeg daar nog iets by, met betrekking tot die arme, wat vertrek, en wat iets van diakonie e aard. Hierdie art. hang ten nouste saam met die vorige, en was oorspronklik met die vorige een geheel, waarby dan heel die bepaling van art. 82 oorspronklik bepaal was tot die arme. Daaruit is die afgifte van die attestasie later uit voortgekóm. Die eerste edisie (1871; artt. 44 - 47) toon dit aan. Te Embden het daar allerlei klagte oor misbruike gekóm en is daar toe uitvoerig oor gehandel. Die kerke is gewoonweg belas geword, daar baie arme ligvaardiglik van woonplek verander het, en ander, onder deksel van gelowige, gebedel het om aalmoese. Art. 45 het bepaal, dat die dienaars moet ondersoek, om watter oorsake hulle sou vertrek, en as die oorsake nie genoegsaam was nie, dat die attestasie te weier. Dit sien natuurlik alleen op die arme. Verder is bepaal, dat die dienaars nie ligvaardiglik aan hulle eie arme attestasie moes gee, om hulle eie kerke te verlig, en ander kerke met hulle te beswaar. Art. 46 het daaraan toegevoeg, dat aan die arme soveel reisgeld gegee sou word, as wat vir hulle nodig was, tot die naaste gemeente, waar hulle dan weer reisgeld gekry het tot die volgende gemeente. Eers in 1886 is daar twee artt. van gemaak, soos dit nou is. Toe is die bepaling uitgebrei, en het dit geword tot 'n bepaling oor die afgifte van attestasies in die algemeen. In art. 83 is in besonder drie dinge bepaal.:

a. Die arme kry van die diakonie bystand na diskresie van die diakens. Daar was in 1871 betreklik weinig Conf. kerke, en in 1886 was die kerke al soms 'n halfuur van mekaar geleë. Daarom had die ou bepaling toe soms geen sin meer nie.

b. bepaal is, dat die bystand gegee sal word, alleen aan arme, wat om genoegsame oorsake vertrek. Naarin die oorsake moes bestaan, was moeilik om te bepaal, b.v. nie as 'n milvermogene vertrek, om elders ruimer ondersteuning te kry, maar wel as iemand na elders vertrek, om daar by sy kinders te kan inwoon. Die diens van barmhartigheid sijn, dat mens self soveel moontlik sal doen. Alle strewe van die diakonie, om ander kerke of arme op die hals te skuif, moet teengegaan word. Maar natuurlik mag mens ook nie te nie, dat 'n arme nie mag verhuis nie. Alleen as die rede nie genoegsaam is nie, mag aan hom geen reisgeld gegee word nie.

c. ten derde, word bepaal, dat as 'n arme verhuis, moet die kerk waar hy dan kom, hom onderhou. In die toepassing hiervan, was daar wel eens moeilikheid.;

1. 'n ryk diakonie trek heel moontlik meer arme. Daar is wel probeer om bepalinge hieroor te maak, b.v. dat iemand al 'n paar jaar in die gemeente moet gewoon het, voordat aan hom ondersteuning kan gegee word. Dit kan nie. Wel kan aan so iemand wel wat minder gegee word. Gewoonlik moet die diakonie sig beperk, en die beperking jaan dan oor die sodanige,.

2. Dit gebeur, dat die diakonie iemand kan help, om na 'n ander gemeente te verhuis. As die diakonie egter iemand het laat verhuis, dan moet die hom ook daar onderhou. So word arme soms wel uit die stede uitbestee op die platteland, heel dikwels in eie belang. Natuurlik moet die diakonie, wat hulle uitbestee, daar finansiëel voor sorg. Tog sou aan te beveel wees, om dit soveel moontlik te laat loop oor die diakonie van die plek waar hy woon. 'n ander sakk is dit, as die diakens iemand min of meer subjektief dwing, om te verhuis. In sulke gevalle is dit dikwels beter, om maar ongelyk te verdra. Kweesie hieroor kan altyd beste behandel word op die klasie deur deputate.

ARTIKEL 84.

Geen kerk sal oor ander kerke, geen dienaar oor ander diens, geen ouderling of diaken oor ander ouderlinge of diakens enige heerskappy voer.

Hiernaas is uitgesproek 'n grondbeginsel van die Geref. kerkinrigting, waardeur sy sig van al die ander onderskei. (Uitgesonder die Independente). Die Roomse stelsel bring juis mee, as dies die grondbeginsel, dat die kerk van Rome heers oor al die ander. Die Lutherse of territoriale kerkinrigting bring wel op sig self nie mee nie, dat die een kerk oor die ander heers nie, maar lei daar tog vanself toe, virsover die overheid, om haar regime uit te oefen, 'n Oberkirchenrat instel, of sommige diensars van die hoofd tot superintendente aanstel. Die Engelse staatskerk het principieel 'n hierargie, wat mede bevorderd word deur die omstandigheid, dat die hoof van die staat "eo ipso" hoof is van die kerk. Alleen die Independente het dit nie. Hulle het ook hierdie beginsel, al is hulle toepassing anders.

Op hierdie punt is nie ons antiteese met hulle nie. Hier word dus uit gesproek, dat daar in die kerke geen hierargie sal geduld word nie. Die Geref. kerke was daar van die begin van die reformatie af, gedwing om hierdie beginsel in die oog te vat, en vas te hou. Toe te Zurich, Zwingli begin het om reformerend op te tree, en die overheid na aanleiding daarvan, 'n godsdiens gesprek laat hou het, was van die Roomse kant die verdediging spoedig daarop verdrag gewees, om die kerklike outoriteit teen Zwingli te stel. Hulle het teen hom die stelling verdedig, dat indien daar gereformeer moes word, dan moes dit tog van die kerk self uitgaan, d.i. van die kerklike besture, en van die pouslike hierargie. Valmondig is erken, dat in die leer, lewe en inrigting baie misstande was, maar 'n konsilie moes daar verbetering aanbring. Daarteenoor se Zwingli, dat waar die kerk dit nie doen nie, die part. kerke daar nie op nog wag nie, maar elk vir sigself gehoue was, om die woord van Christus te gehoorsaam. Die reformatie self, met haar noodsaaklikheid, het daar dus toe gedring, om hierdie stuk op die voorgrond te stel. In Duitsland was jaar nie so 'n behoefte aan nie. Die overheid het daar die goeie saak voorgestaan, en die mense was daar bly mee. Ewens in Engeland. Maar in Switserland, waar die begrip van burgerlike vryheid ook baie meer ontwikkel was, is daar meer nadruk gele op die vryheid van die plaaslike kerk. Nie dat Zwingli dit al ahistondt in sy kerkwensies ontwikkel het, en dat hy by die toepassing daarvan altyd konsekwent gewees het. Maar die beginsel was dan tog uitgesproek. Ourgewerk het dit toe veral in die kerke van Frankryk en Nederland. Indie Franse Geref. kerk is hierdie beginsel uitgesproek in die sinode van parys, 1559. In Frankryk kon ook geen sprake wees van steun van die overheid nie. Daar is die bepaling soveel moontlik onderdruk, maar die beginsel moes hulle wel op die voorgrond stel. Ewens in die Nederlande die beginsel aanstonds uitgesproek op die Part. sinodes van 156., wat gehou is in die huidige Nederlande, en waarvan die acte bewaar gebly is. Toe die Nederl. kerke in 1566 te Wezel konferensie gehou het, is in verskillende artt. hierdie beginsel uit gesproek. In art. 19 h. 3, word gees van die klas ikale vergadering, dat hul'e niks ten aandien van 'n kerk mag bepaal nie, dan met toestemming van die kerk self. In hf. 8, art. 14, word onder die ver eerste dinge in 'n dienaar genoem: "manifeste affectatio tyrannidis in ecclesiam et collegas".

In art. 20 word as rede, waarom dit goed is om klasale nou eens in hierdie kerk, en dan weer in daardie te hou, ook genoem, dat dit goed is, om heerskappy van een kerk oor 'n ander te belet.

In 1571, Embden, is dit in art. I van die acte opgeneem, "nulla ecclesia in ecclesias, nullus minister in ministros, etc."

Dat dit hier art. I was, laat sig goed genoeg begryp, omdat hier vir die eerste keer die kerke self by mekaar gekom het, en daar nou 'n kerkverband moes gevind word.

Daar was wel smereyds verasert teen die verkeerde vryheidssug. Daarom laat hulle goed uitkom, dat hulle geen nuwe soort van hierargie in di die lewe wil roep nie. In 1578 het hierdie art. I geword art. 102. Daar is ook aan toegevoeg "Noewel uit plig van die liefde die een kerk die ander nie mag slysen laat, maar ook moet vermaan".

Dus is dit nie so, asof die kerke die een met die ander niks te maak het nie. In 1581 is die byvoeging weer weggelaat. Maar Trigland in sy "kerkgeschiedenis" van hierdie art. spreek, se hy, dat dit allereers gerig is teen Rome. Die ook so. Met te meer nadruk is dit op die voorgrond gestel, omdat met hierdie beginsel die kerkreg van die Geref. kerke staan of val. A. hierdie beginsel onjuis is, dan is die Reformasie goedgeoordeel. Mens kan dit dan betreur, dat die hierargie nie vir die Reformasie te vordere was nie, maar daar was dan niks aan te doen nie, of mens moes weer die ander weg opgaa, deur met die Lutherse die landowerste bevoeg te verklaar, om ook in die kerk op te tree. Egtter word dan die vryheid van die kerk jeans die owerheid prygegegee. Vgl. art. 30 - 32 van die konfessie, waar eweens staan, dat Christus die enigste hoof van die kerk is. Die gronde waarop die Konfessie oordeel, dat alle dienaars gelyke outoriteit het, hoor tuis in die "locus de ecclesia". By hierdie art. hoort natuurlik ook, wat ons vroeër van die kerkverband gese het. Dis ook 'n Geref. beginsel, dat die plaaslike kerke nou ook geroepe is, om die eenheid te openbaar in die kerkverband. Nou lyk dit wel, of die twee beginsels mekaar uitsluit, maar hulle hoor by mekaar, en hou mekaar in ewig. Die waarheid is juis, dat mens die waarheid wat in die twee beginsels is, sal verenig. Die toelassing is dan nie altyd ewe gemaklik nie, maar daarom mag een van beide beginsels nog nie prygegegee word nie. Die beste gaan dit, as die plaaslike kerke veral toesien, dat hulle die kerkverband nieverwaarloos nie, en klas is en alreeds altyd toesien, om art. 84 in die oog te hou. Hiermee in verband staan die vraag, of hiermee ook uitgesprek is die gelykheid van die kerkdienaars onderling, wat hulle amp betref? Sommige se, dat die dienaar van die kerk, wel mag heers oor onderlinge en diakens. Vaak is beweer, dat gelykheid van hierdie ampte onderling nie bestaan nie.

M.a. het dit sig ontwikkel kort na die apostoliese tyd, met die opkoms van die hierargie. Ook later is hierdie denksbeeld versprei deur die Roomsse, Lutherse en Episkopale kerke. In Geref. kerke is daar ook soms iets van geien. Beroep is dan gedoen op 1 Tim. 3:13, waar sprake is van die "diakona" wat sigself 'n goeie oorgang verkry, en veel vrymoedigheid in die geloof, wat is in Christus Jesus, onse Here. Dis dan so verklaar, dat die diakens voorgestel is, 'n goeie promootie tot die ouderlingamp, dus opklimming in rang. So b.v. Bengel in sy Gnomon, en die meeste nuwe verklaarders. Die woord vir oorgang gebruik, "bathmos", beteken eintlik "trap" of trede en kan aandui hoogte in rang. Maar dit is so is, dan sou daar nie goed bystaan nie, maar hoër of laer. Ook sou die genoemde vrymoedigheid dan vreemd bykom. Voor die hand le dus, om te dink aan hoogte in die skatting van die mens, dus jaerbied. agting, kridiet. Daar kom heel goe by dat hulle vrymoedigheid het om te spreek. Sommige vat dit op as hoogte in die geestelike lewe, wat egter nie goed pas by die verband nie. Ander weer, vat dit op, as hoogte van beloning in die toekomst, maar dit pas ook nie goed in die verband nie, en dis ook nie skriftuurlik nie. Op skriftuurlike gronde kan daar dus nie gopraat word nie van onderskeid in rang. In die K.O. word juis vastgestel, dat die hele bedoeeling van rangonderskeiding in die kerk nie pas nie. Buite die kerk is range, maar so sal onder die discipels van die Here nie wees nie, volgens die woord van Jesus self. Op kristelik gebied staan juis die hoogte, diegene wat die meiste dien. Al staan in die art. dus nie woordelik, dat die ampte onderling nie oor mekaar mag heers nie, tog le dit daarin opgesluit. Ook ons K.O. gebruik van ouds die woord "amp" en nie die van diens nie; nie "munera" maar "officia". Tog is die diens onderskeide. Die gelykheid van rangsluit geenvermindering van diens in, en sluit ook nie in, dat al die diens van die gemeente van gelyke waarde en betekenis is, en dit neem ook nie weg nie, dat hulle onderskeide is in omvang, en dat die een diens, wat werking en omvang betref, meer is dan die ander.

Die dienaar van die Woord het meer betekenis vir die gemeente, dan die dienaar van die regering of barmhartigheid, en die dienaar van die regering het weer meer betekenis dan die dienaar van die barmhartigheid, daar die eerste wel kan bestaan sonder die laaste, maar nie omgekeerd nie. Voorts mag die ampte nie vermeng word nie. Die een omgedraai nog nie bekwaam tot die werk van die ander nie. Die ouderlinge het nie die mag en roeping om die Woord te bedien nie, en die dienaar van die Woord nie oor die liefdegawes te beskik. As die een dienaar iets vir die ander doen, dan is dit al een kragtens 'n bepaling vir 'n bepaalde geval, om die een of ander nood gemak. Dit kom wel voor, dat die diakens se, dat as hulle, ebonde is aan die bepalinge deur die kerkraad gemak, hulle der onderworpe is. Dis onjuis. Die opstelling van reëls is 'n werk van die regering, en bevoor. As die ouderlinge nou nie buite hulle kragtigheid gaan, dan is die diakens daaraan onderworpe. Dit gaan nie om vir die diakens ook 'n regerings te vindiseer. Natuurlik moet ook om hulle advies gevra word. Anders sou mens twee besture kry, endie slot sou wees, dat die diakens buite die kerkraad te staan kom. In die 54ste art. staan aan die end van die bepalinge van die tug. Tog is dit nie die bedoeling nie, dat dit nog by daardie hoofstuk hoort. Hoofstuk 4 eindig by art. 83. Art. 84 is 'n algemene beginsel wat met betrekking tot die hele kerkinrigting in verband staan.

ARTIKEL 85.

In middelmatige dinge, sal mens die buitelandse kerke nie verwerp nie, wat 'n ander gebruik het as ons.

Dit ook 'n slotbepaling van algemene belang, omdat dit die vertuiging raak tot ander kerke, wat ook kristelik genoem word, maar met wie mens nie in kerkverband staan nie; dus betrekking tot susterkerke. Die bepaling sel is al van 'n oue datum. Daar is reeds te sê, oor gesprek, vgl. h. I, artt. 9 - II, h. 8. art. 22. In Hf. I art. 19 staan, dat in alle "circumstantien die adaphora zyn" alle tere nie van die konsiensies en alle aanleiding tot tals moet voorkom word, en daarom vryheid moet gelat word. Die adaphora is sake, wat nie gegrond is op die voorbeeld en leer van die apostels, en ook nie in die aard van die sake le. As voorbeeld is genoem, enkele ritus by Doop en H.A., (getuies, twee of drie maal spreken ens.). Hf. 8 art. 22 wees, se dieselfde. In 1571, te Embden, in die eerste redaksie, art. 21, is die elfde beginsel opgeneem. Alleen maar te Embden is hierdie bepaling opgeneem onder bepalinge vir die viering van die H.A. Inderdaad het toe die kweek van sermoneel, veral by die H.A. viering, besonder op die voorgrond gekom. By die Doop was ook ondrekeid tussen die Lutherse en Geref. kerke, maar lank nie so groot nie. By die H.A. was die verskil groter, en is daar meer aangeheg ook. Ook in 1578 en 1581 word dit nog onder die artt. re die H.A. geplaas, ooktoon dit in 1581 al net so was a nou. Eers in 1586 het die art. aan die end te staan gekom. (art. 78) Tog bly dit natuurlik enkel sien op die ritus. In die Latynse vertaling staan dan ook vir "gebruikte", "ritus". Dit het gesien op die manier van oke - mentbediening en op die uitwendige handeling. x3.12.17 T.o.v. hierdie sake word vasgestel, dat daar middelmatige dinge is. In sekere sin kan mens se, dat daar ook met betrekking tot die aksione geen middelmatige dinge is nie. Al's die uur waarop die gemeente sal saakom, kan nie na willekeur bepaal word nie, want selfs die stam weer i.v.m. die beginsels. (b.v. die moet op die mees gelees uur oke word).

Maar onder adaphora verstaan ons die dinge, waarvoor geen algemene reël kan gegee word nie, maar wat telkens i.v.m. die omstandighede deur die kerk self bepaal word, waarby 'n kerk welken kan mistas. Moontlik is dit ook, dat daar onder verskillende kerke heelwat onderskeid kan wees, en dat hulle almal tog goed bepaal het. Dit ook moontlik, dat 'n kerk hier of daar mistas, maar as daar geen uitdruklike gebod van die Here is, moet mens daarom buitelandse kerke nie verwerp, as nie van Christus.

Die uitdrukking is oorspronklik, "non damnatus", nie sentensie. Formeel het die binnelandse kerke nooit bevoegdheid om buitelandse kerke te veroordeel nie. Maar die bedoeling is; as n daardie bepalinge die ban ople, daardie kerke die vydsheid van reelin. ontse, en hulle bepalinge vir so onkrispelig te verklaar, dat mens geen gemeenskap, met hulle hou nie. Die bepaling van die K.O. is gerig teen enige kerkisme en sektarisme.

Karom staar dit in die K.O., daar tog 'n formele veroordeling, wat gevolge kan he, gese sprake van kan wees nie? Dit omdat in die tyd toe die K.O. opgestel is, die kerke in Nederl. in relatie gestaan het tot die kerke in die buiteland, waarmee ooreenkomst was in belydenis en wandel en kerkinrigting. Onder daardie kerke was verskeie gebruike in swang. In hierdie art, is dus die beginsel uitgespreek, van die betrekking van die Nederl. Geref. kerke tot die van die buiteland. In hierdie bepaling is dus opgedui:-

a. dat daar 'n band tussen die Geref. kerke in die algemeen bestaan. Die K.O. is dus nie vreemd aan die gedagte, dat daar vaderlandse kerke in die verskillende lande bestaan. Hierdie denkeveld hoort in die territoriale stelsel. Wel ken die Geref. die kerkverband, wat dikwels beperk moet word tot een land, vanwee taalmoeilikhede, maar as daar geen rede toe is nie, moet dit nie gebeur nie, en ons ou Geref. kerke het dit ook nie gedoen nie. Die sinode van 1581 was vir 'n deel gekonstitueer uit afgevaardigdes van die Engelse vlugtelingskerke, en van sommige Duits-Geref. kerke. Dat dit later op die agtergrond geraak het, en die sinode van 1818 vir die grootste deel bestaan het uit afgevaardigdes van die Nederl. kerke, was nie aan die kerke self te danke nie, maar is veroorsaak deur die verhouding van Jacobus I van Engeland.

Toentertyd het die kerkverband sig buite die grense uitgestrek, en voorts het die kerke in korrespondensie gestaan met die buitelandse kerke. In ons tyd gaan dit nog baie moeiliker. Te dordt is voortdurend latyn gespraak, iets wat nou nie meer kan gebeur nie. Tog het in die 17de en 18de eeu die Geref. kerke meermal moontlik gedoen, om 'n kerkverband in stand te hou. Dit blyk die meeste uit die kerklike handboekies, waarin ook die Engelse en Duitse Geref. kerke gestaan het, vir sover daar Hollands gespreek is, en ook die van Amerika. Ook het die uitgeskom in die beroepinge oor en weer. Die band had ten doel, om ooreenstemming te steun. Die band kan vaster of looer wees. Daar kan 'n eintlike kerkverband wees, maar die alleen moontlik as dieselfde taal gebruik word en daar geen te groot moeilikhede is, om van tyd tot tyd saam te vergader. Dat dit in Nederl. nie geskied, het sy oorsaak hierin, dat bepaaldelik die egeringe van naburige lande dit nie nou toelaat nie, m.n. was dit die geval met die vroeere Duitse keiserlike regering. Kan daar sodanige noue kerkverband nie wees nie, dan kan daar tog nog korrespondensie wees, en kan daar afgevaardigdes na die sinode gestuur word. Intussen is daar ook enige moeilikhede hier in die pad, soos verskil in taal, die moeilikhede om mekaar goed te begryp, wanneer mens lang tyd sonder mekaar geleef het, en so dus mekaar steun. Tog bly dit altyd gewens.

b. dat tot sulke 'n band nodig is ooreenstemming in belydenis, en wandel en kerkinrigting, altans in die dinge wat nie tot die adiafora behoort nie.

Verder het die K.O. niks oor die verhouding tot die buitelandse kerke. Tog is hieruit wel iets af te lei:-

a. daar is 'n band.

b. kerke is genepe om mekaar steun en geestelik hulp te verleen.

c. daar moet poginge aangewend word tot siredale organisasie,

d. daar is 'n "harmonia confassio"

Prakties is hierdie gedagtes alleen in praktyk gebring deur ordelinge afvaardiging, en korrespondensie. Dan moet daar wees, harmonie in belydenis en die beginsel van kerkregering. 'n Kerk wat die belydenis prysgee, is eenvoudig 'n genoeskap, waarteen gewaarsku moet word).

Die feit dat daar ouderlinge is, is geen kriterium nie. Vgl. Zurich, die Gerol. kerk, waar onder Zwingli en Bullinger die ouderlinge ontbreek het, en die owerheid tug geoesen het. Calvyn het daardie kerk erken. Tog is dit 'n misstand. In 1618 is die Episkopalese kerk nog erken, hoewel die biskoplik was. Toe het die Episkopalese kerk nog aan die belydenis vasgehou. 'n Biskop was toe gewoon lid van die vergadering. Kat egter geen adiafora is nie, mag nie as sulks beskou word nie. Haar positiewe verskil is, mag die band nie aangeknoop word nie.

ARTIKEL 86.

Hierdie art. aangaande die wetlike ordening van die kerk is also gesetel en aangeneem met gemeen akkoord, dat hulle (so die profyt van die kerk anders verdoen) verander, vermeerder of verminder mag en behoort te word. Dit sal egter geen besonder genemte, klasie of sinode vrystaan om sulks te doen, maar hulle sal naastetghoud doen, om die te onderhou, totdat anders deur die generale of nasionale sinode verorden word.

Hierdie art. het as slotart. al van die begin af aan in die K.O. gestaan. Dit was reeds in die Wezelse artt. In 1571 was dit art. 53 in 1574, was dit art. 81, in 1681 art. 69., en in 1583 was dit art. 79. Alleen in die redaksie van Dordt, 1578 het ditt nie gestaan nie. Hoe dit veroorsaak is, is moeilik om te se. Maarmerklik is dit 'n omistie gewees. Die art. sie natuurlik op die hele K.O. Vervolgens word in hierdie art. nog gese, dat al die artt. met gemeen akkoord gestel en aangeneem is. Dit word blykbaar gestel, om die konklusie te trek, dat hulle met gemeen akkoord ook alleen kan verander word. Mens sou kan vra; is daar by die vasstelling en wydiging dan nooit verskil van opinie gewees nie? Natuurlik wel. Nie met betrekking tot die beginsels en ordinansie nie, wat in Gods Woord staan, en in die belydenis opgeneem is, (en verwerping van 'n deel van die belydenis was onverstaanbaar), maar 'n groot deel van die K.O. het behels toepassing van die beginsels, en t.o.v. daarvan kon daar wel verskil van opinie bestaan. Die een deduseer anders as die ander. Ook moet die toepassing ten dele beheers word deur omstandighede. Ook moet verskil van gevoele nie weggehoor word deur 'n bepaling in die K.O. Daarom mag die K.O. nie op een lyn gestel word met die belydenis. Dat 'n bepaling in die K.O. gestaan het, het nog nie te weeggebring nie, dat elke lidmaat van die kerk sy gedagtes daarop moet onderwerp. Hierdie uitdrukking moet dus beteken, dat by verskil van gevoele, die minderheid ten aasien van die K.O. sig aan die meerderheid gekonformeer het, en dus ook goedgevind het, dat die bepalinge in die K.O. sou kom, al was mens daar self nie mee eens nie. Favore word ooreengekom, dat die minderheid sig na die meerderheid sal ruk. Dit is gemeen akkoord. Dat dit die bedoeling was, het reeds aanstonds uit gekom by die vasstelling van die K.O. self. Toe in 1571 die K.O. vir die eerste keer geredigeer is, is daar ook enige hoofstukke part. vras bygevoeg oor kerklike vergaderings. In lif. 3, art. 3 staan daar 'n bepaling met betrekking tot verskil van opinie en stemmings vir klasikale vergaderings en sinodes. Die praeses sal die stemme opneem, en medeel wat die gevoele van die meerderheid is. Dan sal die skriba die gevoele van die minderheid opteken, en dan voorlees, opdat dit met gemene bewilliging mag bevestig word. Miskien is dit op 'n sinode ook nog deur 'n tweede stemming gebeur, sodat dit dan met algemene stemming aangeneem is. Die minderheid het daarmee op sig geneem, om daarna te lewe. Gemeen akkoord beteken dus, dat die minderheid sig aan die meerderheid onderwerp. Anders sou 'n kerkverband onmoontlik wees. Daar moet eenparigheid wees. Om die gemeen akkoord te laat uitkom, was dit gebruiklik, dat mindere vergaderings nogmaals aangeneem het, wat meerdere vergaderings aangeneem het. Ten grondslag daarvan het die gedagte gele, dat elke kerk vry en selfstandig was.

Alleen in soverre het hulle iets prys geger, dat hulle op hulle geneem het, om hulle self na die meerderheid te knoormeer. Daarom is in die 16de en 17de eeue dan ook nooit deur enige lid van die sinode beswaar gemaak om die K.O. te onderteken. Met elke generale sinode het dit gebeur, om die gemeen akkoord nog sterker te laat uitkom. Die ondertekening van so 'n stuk wil se, dat mens die K.O. as ordinansie van die kerke aanvaar. Die minderheid kan sy gevoels hou, en kan ook later weer voorstel om te verander. Wat in die K.O. aan die Woord van God ontleen is, is natuurlik onveranderlik. By verandering moet die maatstaf wees, "profyt van die kerke". Motief vir verandering mag dus nie wees nie, dat 'n buitekerklike mag dit sa wil, of ook wel persoonlike willekeur. Die artt. kan alleen met gemeen akkoord verander word. Dit wil nie se nie, dat van almal een soort stemming gevra word nie, of dat al die kerke eers daarvoor gehoor moet word. Dan sou mens wel baie adviese kry, maar ook baie wat nie goed oorweeg is nie. Dan sou eintlik 'n sinode, waar tesame beraadslaag word, oorbodig wees. Dis die stelling van die Remonstrante gewees, dat alle kerkrade plaaslik tot die beallis ing moes meewerk. So kom daar natuurlik nooit wat van nie. Natuurlik moet mens, as dit nie nodig is nie, so min moontlik verandering aanbring. Daar moet 'n "narsigheid gedoen word", om die K.O. te onderhou. Hierdie uitdrukking is met opset gekies en seer juis. Aan die einde van 'n wet kan dit nie staan nie, . Maar by die K.O. is hierdie uitdrukking op sy plek, omdat die Geref. K.O. geen wet is nie, maar 'n ordening. Die artt. is gestel om goeie orde te hou in die gemeentes van Christus, en dis die hoofsaak van die hele reeling. Op kerklike gebied geld nie die reel, dat mens die bepalinge slaafs moet opvolg. Intendeel, juis die profyt van die kerke kan as, dat mens in 'n bepaalde geval van die reel afwyk. As dit gese word, word die teeswerping gemaak, dat mens ten slotte alles afhanglik maak van willekeur, daar part, kerke in die reel vryelik afwyk. Dit was waar, as by die afwyking aan willekeur maar enige plek gegee is. Maar al wat in die K.O. uit die Woord van God geneem is, en regstreeks daaruit afgelei, mag nie tersy gestel word nie. Maar by die afwyking geld nog vaste reëls en beginsels. Ditvoerig is dit in die lig gestel deur Voetius, waar hy 'n aantal vrae stel Ook hy stel vas, dat die afwyking aan reëls gebonde is. Die afwykings is gebind aan beginsels, wat uit die Woord van God, en uit die aard van die saak vloei. Hulle is:

a. Daar moet vir elke afwyking 'n voldoende rede wees, gegrond in die belang van die kerk, om daardeur die goeie orde beter te onderhou, en dit is dus geoorloof, as reukwing van die bepaling die welstand van die kerk in gevaar sou bring.

b. by die afwyking word die K.O. tog self nie verander nie. As 'n part. kerk dit tog sou wil, dan sou hy die afwyking ook aan andere ople.

c. van die mindere of meerdere vergaderings is daar hoër beroep. As daar verskil kom oor die noodsaaklikheid van afwyking, dan mag mens nie voortgaan nie, maar volgens art. 31 sig skik na die algemene beslissing. Die uderlinge skik sêg na die kerkraad, die kerkraad weer na die klasie, ens.

Hierby moet gesamentlik Gods Woord en die belydenis aanvaar word. Anders is mens dit nie eens oor die beginsels nie. Verandering van die K.O. mag alleen deur 'n generale sinode geskied, en dit is ook wel op elke sinode van die 16de eeu en op die van Dordt geskied. Tog moet mens nie te spoedig tot die wysiging van die K.O. oorgaan nie. As mens vir elke spesiale geval 'n bepaling wil he, dan gaan die werk van die generale sinode op in die maak van bepalinge. Eindelik kry mens dan 'n boek met reglemente. Dan weet niemand meer die pad daarin, behalwe enkele wat die kerk regaar. Oock is ten slotte ook tog nie vir alle gevalle bepalinge te maak nie. Natuurlik moet diegene, wat tot die kerkregering geroepe is, enigsins op hoogte wees, van die beginsels van kerkregering. So word die gemeente geoeven in selfstandigheid, en dit gee steun aan die kerk, . Wysiging van die K.O. is nie die werk van elkeen nie. Dit lyk heel gemaklik, as 'n geval sig voordoen, om dan maar die K.O. te wysig. sodat dit slaas en

sodat dit slaan op hierdie bapa lde geval. Maar vergeet word, dat die bepalinge van die K.O. met mekaar wies samhang, en nou kan mens daardie samhang maklik uit die oog verloor, en in die K.O. bedektelik 'n beginsel inbring, wat daar nie in tuis behoort nie. Dit moet altyd wees 'n samhangende ge heel, en by elke bepaling kom 'n aantal beginsels te pas. Om te wysig, moet mens goed op hoogte wees van die beginsels, wat die K.O. beheers. Voorts het mens nodig groot bekendheid met kerklike toestande, en ervaring in die behandel-
 deling van kerklike gevalle. Anders gebeur dit gemaklik, dat mens 'n bepaling maak, en weer met betrekking tot ander gevalle groot moel-
 likhede is die lewe roep. In sulke 'n sinode, wat wysig, moet daarom 'n aantal manne sit, wat kerkregtelik goed onderlo is. Dit was in die 18de eeu veel meer die geval dan nou. En ook toe was hulle in die wysiging altyd versigtig. Veranderinge is alleen aangebring, as die verandering al meer of min in die praktyk beproef was. Eindelik moet nog behandel word die vraag, of 'n plaaslike kerk, wat nie die reg en die bevoegdheid het, om die K.O. te wysig, wel vryheid het, om die hele K.O. opsy te sit, en sig aan die kerkver-
 band te onttrek? Alleen by die Geref. kerke kan hierdie vraag opkom. By alle ander stelsel bestaan hierdie kwessie nie. In die Papale, Terretoriale, Episkopale, en Kollegialistiese stelsels kan daar geen sprake wees daarvan nie, dat 'n plaaslike kerk sig aan die kerk-
 verband sou onttrek, want die plaaslike kerk is daar alreeds onderaf-
 deling van die groot geheel, en staan onder die sentraal bestuur, By al die stelsels is dit wel moontlik, dat die lede van die plaasli-
 like kerk sig kan onttrek, individueel, altnas wa r vryheid van religie is. Rome kan dit ook nie, en 'n gedoopte kan sig nie onttrek aan die jurisdiksie van die Pous. Alleen maar kan Rome narrens meer haar stelsel konsekwent deurvoer nie. By die terretoriale stelsel sou dit konsekwent ook nie so wees nie. Eintlik moet daar ook alkeen tot die landkerk behoer. Daar is nog wat van oor, al moes hulle toe-
 gee in die 19de eeu. In Pruise, in die tyd van die Keiserlike rege-
 ring, kon mens sig wel van die kerk afskei, maar word mens tog daar-
 by ingestel, al hoor mens ook tot 'n ander kerk. Mens staan geboek by een van die kerke deur die staat erken. Konsekwent is dit egter nooit toegepas nie. Vir Jode en Roomse is altyd uitsondering gemaak. Van Geref. standpunt is dit eintlik die vraag, of 'n mens sig aan die verband kan onttrek. Geestelik reg het mens daartoe nie. So ook die plaaslike kerk nie. Maar ook geld, dat dit nie formeel balot is nie. Mens kan niks anders doen dan waars u. Die gesamentlike kerke het geen dwingende mag nie. Na Geref. beekouing, word deur die kerkver-
 band die plaaslike kerke nie vernietig nie. Tog bly dit waar, dat afskeiding nie kan plaasvind nie, tensy die kerkverband teen die Woord van God in opstand kom, die belydenis en die K.O. tersy stel, om leervryheid te sanksioneer, dwalleer in bekering te neem, of die hele kerkinrigting te verbaster. Afskeiding sal alom plaas-
 vind, as die kerkverband self ophou om Geref. te wees. Natuurlik mag dit nie geskied nie, as daar niekieen een keer verkondte besluite gemaak is. Ook nie, as daar in die kerkverband niemand is nie. Dit alles maak nog nie, dat die kerke nie meer Geref. mag heet nie. Dis alleen so, as die kerkverband prinsipieel en positiel afwyk, en weet wat dit doen. Dit gebeur alleen, as die kerkverband prinsipieel en formeel mensewoord laat gelyde bowe die Woord van God. Tog kan dit wel voorkom, dat 'n plaaslike kerk sig afskei, om ander redes, omdat hul's hul nie wil onderwerp nie, of deur soker bepalinge sig verongelyk ag. Formeel kan die plaaslike kerkverband daar niks aan doen nie, tenslotte, as die plaaslike kerk met eenparigheid handel. Iets anders is dit, as daar 'n aantal lede is, wat by die kerk wil bly. Dan moet die kerkverband daardie troue deel steun, en sorg, dat hulle aan die diens van die Woord en aan 'n leeraar gekolp word.

Die vraag wat sig dan voordoen, is: of die uittrede kerk haar naam en goedere mag behou?

Dis natuurlik geen suiwer kerkregtelik vraag nie, maar grotendeels 'n staats- en burgerregtelike. Dit hang grotendeels af van die wette wat in die staat van die kerke bestaan. Hier te lande het ons geen wetgewing op die kerke nie. Die beslissing van hierdie vraag, hang dus tenslotte af van die beskouing, van die regterlike mag. In die algemeen sal dus moet vasstaan, dat die naam van Geref. kerk, nie deur sodanige uittrede kerk mag behou word nie. Die Owerheid moet weet, welke kerke daar op haar gebied is. Sy moet sorg, dat daar geen verwarring kom nie, en dit sou geskied, as die naam van 'n bepaalde kerkverband ook deur 'n kerk buite daardie kerkverband sou gevoer word. Ten ainsien van die goedere, is die saak moeiliker. Op sig self is 'n plaaslike kerk daardeur haar goedere nie kwyt nie. In die 16de eeu het die Geref. altyd volgehou, dat die goedere van die Roomsse kerk, nou aan die Geref. kerk behoort, wat die wettige voortsetting van die Roomsse kerk was. Hierdie beginsel bly waar. As 'n kerk verloor wel haar aanspraak op die gemeenskaplike goedere, van die kerkverband. As dus 'n kerk unaniem nou uittre, dan sou sy haar goedere behou. Maar as 'n kerk nou b.v. heel iets anders gaan word as 'n kerk, b.v. & 'n swembad, dan sou mens die kerklike goedere tog nie daarvoor kan laat dien nie. Daar moet die wetgewer dus voor sorg. Iets anders is dit as daar in die kerk geskil is. Dan het die Geref. kerk as die daar bly, ook reg op die goedere.

D A N N I E T O C

D I E

F I N I S

1884

1885

1886

1887